

# **Oordrag van sintaktiese aspekte van die eerstetaal in die tweedetaalverwerwing van Xhosa**

Shona Lombard

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir  
die graad M.A. in Taalwetenskap vir die Taalprofessies



Departement Algemene Taalwetenskap  
Universiteit Stellenbosch

Studieleier: Dr. S. Conradie

Maart 2009

## **Verklaring**

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Shona Lombard

Maart 2009

**Kopiereg © 2009 Universiteit van Stellenbosch**

**Alle regte voorbehou**

## **OPSOMMING**

Hierdie tesis lewer verslag oor 'n ondersoek na die moontlikheid van eerstetaal (T1)-oordrag by die tweedetaal (T2)-verwerwing van Xhosa deur adolessente beginnerleerders met onderskeidelik Engels en Afrikaans as T1. Navorsers gemoeid met T2-verwerwing voer steeds 'n debat oor die moontlike oordrag vanaf leerders se T1 na die intertaalgrammatika in die aanvanklike stadiums van T2-verwerwing. Sommige navorsers beweer dat T1-oordrag wel plaasvind (die Volledige Oordrag-hipotese – sien byvoorbeeld Schwartz & Sprouse 1996), terwyl ander beweer dat T1-oordrag nie plaasvind nie (die Geen Oordrag-hipotese – sien byvoorbeeld Clahsen & Muysken 1986). Teen hierdie agtergrond is twee take ontwerp met die doel om vas te stel of beginnerleerders se prestasie, spesifiek ten opsigte van werkwoordplasing in Xhosa, aandui dat T1-oordrag plaasvind in die aanvanklike stadiums van T2-verwerwing, al dan nie. Daar word aangevoer dat die resultate van hierdie ondersoek bewyse lewer ter ondersteuning van die Volledige Oordrag-hipotese. Ten slotte word die implikasies van hierdie ondersoek se resultate vir T2-onderrig binne 'n veeltalige samelewing bespreek.

## **SUMMARY**

This thesis reports on an investigation into the possibility of first language (L1) transfer in the initial stages of the second language (L2) acquisition of Xhosa by adolescent beginner learners with, respectively, English and Afrikaans as their L1. Researchers in L2 acquisition are still debating about the possible transfer from learners' L1s to their interlanguage grammars in the initial stages of L2 acquisition. Some researchers claim that L1 transfer does indeed occur (the Full Transfer hypothesis – see for example Schwartz & Sprouse 1996), while others claim that L1 transfer does not occur (the No Transfer hypothesis – see for example Clahsen & Muysken 1986). Against this background, two tasks were designed to determine whether or not beginner learners' performance, specifically in terms of verb placement in Xhosa, indicates that L1 transfer occurs in the initial stages of L2 acquisition. It is argued that the results of this investigation provide evidence in support of the Full Transfer hypothesis. Finally, the implications of the results of this investigation for L2 teaching in a multilingual environment are discussed.

**Oppedra aan my kinders**  
**Landri en Anelli**

**ERKENNING**

Ek moet die volgende persone bedank:

Frik, Landri en Anelli vir julle geduld met 'n wederhelf en ma wat nie altyd daar was vir julle gedurende hierdie jaar nie, maar wat steeds julle liefde en ondersteuning kon geniet.

Simone, my studieleier, vir haar kundigheid, geduld, leiding en onblusbare positiewe gesindheid!

My Skepper, vir die gawe van hierdie geleentheid om 'n droom te bewaarheid.

## INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: Inleiding	1
HOOFSTUK 2: Die V2-parameter en T1-oordrag	4
2.1 Die V2-parameter en werkwoordplasing: Engels, Afrikaans en Xhosa	4
2.2 Verskillende sienings van T1-oordrag	10
2.2.1 Die Volledige Oordrag-hipotese	10
2.2.2 Die Geen Oordrag-hipotese	11
2.2.3 Voorspellings van die twee hipoteses vir die huidige ondersoek	12
2.3 Vorige navorsing oor moontlike T1-oordrag van die V2-parameterwaarde	12
HOOFSTUK 3: Die ondersoek	16
3.1 Die deelnemers	16
3.2 Voorbereiding	19
3.3 Take	19
3.3.1 Sinsboutaak	20
3.3.2 Grammatikaliteitsoordeletaak	22
3.4 Die resultate	23
3.4.1 Die volwasse Xhosa-kontrolegroep	24
3.4.2 Die adolessente Xhosa-kontrolegroep	27
3.4.3 Die Engelse groep	30
3.4.4 Die Afrikaanse groep	34
3.5 Samevatting	38
HOOFSTUK 4: Slot	41
4.1 Bewyse van T1-oordrag	41
4.2 Implikasies vir T2-onderrig binne die veeltalige Suid-Afrikaanse opset	44
BIBLIOGRAFIE	47

BYLAAG 1: Agtergrondsvraelys (afdeling 3.3)	50
BYLAAG 2: Toestemmingsbrief (afdeling 3.3)	53
BYLAAG 3: Woordelys (afdeling 3.3)	56
BYLAAG 4: Sinsboutaak (Taak 1 – afdeling 3.3.1)	59
BYLAAG 5: Grammatikaliteitsoordeletaak (Taak 2 – afdeling 3.3.2)	66

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

Die feit dat kinders se taalgedrag bewys lewer van 'n komplekse grammatikale kennis wat nie bloot verklaar kan word op grond van die toevoer wat hulle van hul moedertaal ontvang het nie, het aanleiding gegee tot Chomsky se formulering van 'n aangebore menslike taalverwerwingskapasiteit ("language acquisition device"; LAD) en 'n Universele Grammatika (UG) as verklaring vir die proses van eerstetaal (T1)-verwerwing (Conradie 2005:18). Wanneer tweedetaal (T2)-verwerwing bestudeer word, ontstaan die vraag of dieselfde meganismes ook (steeds) hier in werking is (White 1990/1991: 338). Navorsers gemoeid met T2-verwerwing voer tans 'n debat oor die moontlike oordrag vanaf leerders se T1 na die intertaal (IT)-grammatika in die aanvanklike stadiums van T2-verwerwing.<sup>1</sup> Sommige navorsers beweer dat daar wel T1-oordrag plaasvind (die Volledige Oordrag-hipotese, sien Schwartz & Sprouse (1996)) terwyl ander beweer dat T1-oordrag nie plaasvind nie (die Geen Oordrag-hipotese, sien Clahsen & Muysken (1986)). Hierdie tesis lewer verslag oor 'n ondersoek na die moontlikheid van T1-oordrag by die T2-verwerwing van werkwoordplasing in Xhosa deur adolessente beginnerleerders met onderskeidelik Engels en Afrikaans as T1.<sup>2</sup>

Hierdie ondersoek is uitgevoer binne die UG-raamwerk van generatiewe grammatika. Binne hierdie raamwerk dui UG op meganismes, kenmerke en beperkinge wat alle tale in gemeen het (O'Grady, Dobrovolsky & Katamba 1997: 215); tog is daar duidelike verskille en variasie tussen tale. Om hierdie ooreenkomste en verskille tussen tale te verantwoord, stel Chomsky die Beginsels en Parameters-raamwerk van UG voor (Conradie 2005: 18). "Beginsels" verwys na die universele grammatikale beperkings waaraan alle tale onderhewig is, terwyl "parameters" verwys na keusemoontlikhede

---

<sup>1</sup> "Intertaal-grammatika" verwys na die stel reëls wat dien as 'n oorbruggingsgrammatika tussen 'n T2-leerder se T1 en die teikentaal (T2), en wat voortdurend verander en aangepas word tydens die verwerwingsproses (Matthews 2005: 182).

<sup>2</sup> Die term "T2-verwerwing" word in hierdie tesis gebruik om te verwys na die verwerwing van enige addisionele taal naas die T1. Wanneer daar melding gemaak word van 'n addisionele taal se spesifieke verwerwingsorde, sal dit benoem word as T2 of T3.



binne hierdie beginsels wat 'n verklaring kan bied vir grammatikale verskille tussen tale. Vir 'n spesifieke beginsel van taal, wat byvoorbeeld werkwoordposisie aanspreek, sal 'n parameter 'n stel opsies toelaat (meestal twee) (Conradie 2005: 18). Vir elke individuele taal sal hierdie parameter dan na die een of die ander waarde van die parameter gestel wees. Hierdie verstellings geskied, tydens T1-verwerwing, op grond van die positiewe bewyse (“positive evidence”) in die taal waaraan 'n jong kind blootgestel is (Trahey & White 1993: 182).

Een so 'n parameter is die sogenaamde V2-parameter (“verb-second”, werkwoord-tweede), waarvan die twee moontlike waardes as [+V2] en [-V2] uitgedruk word. (Hierdie parameter word breedvoerig in afdeling 2.1 bespreek.) Tale met die [+V2]-waarde van die parameter verskil van tale met die [-V2]-waarde ten opsigte van die posisie van die werkwoord in hoofsinne met 'n nie-subjek (NS) in sinsinisiële posisie. Teen hierdie agtergrond is die T2-verwerwing van die V2-parameter in Xhosa deur T1-sprekers van, onderskeidelik, Engels en Afrikaans interessant, aangesien Engels [-V2] en Afrikaans [+V2] is, terwyl Xhosa opsionaliteit toon ten opsigte van die V2/V3-volgordes wat gekoppel word aan hierdie parameter.<sup>3</sup> Met hierdie ondersoek wil ek vasstel of daar bewyse is daarvoor dat Engelssprekende en Afrikaanssprekende leerders, onderskeidelik, die T1-waarde van die V2-parameter oordra in die beginstadium van T2-verwerwing van Xhosa.

---

<sup>3</sup> Hierdie opsionaliteit wat Xhosa toon ten opsigte van woordorde, skyn nie te strook met die aanname dat elke parameter na een of die ander waarde gestel is in elke taal nie. Dit wil voorkom asof Xhosa beide die [-V2]- en die [+V2]-waarde het. Soos in afdeling 2.1 verduidelik is, word hierdie opsionaliteit in literatuur oor Xhosa toegeskryf aan stilistiese faktore. Alhoewel die vraag oor die waarde (of selfs die bestaan) van die V2-parameter in Xhosa nie hierdeur beantwoord word nie, val 'n ondersoek hierna buite die bereik van hierdie tesis.

Vrae wat ek met hierdie ondersoek wil beantwoord, is die volgende:

- (i) Wat is die waarde van die V2-parameter in die IT-grammatika van Engelssprekende beginnerleerders van Xhosa, soos aangedui deur die werkwoord-posisie in nie-subjek-inisiële-hoofsinne (NSIHS'e) in die leerder se produksie en intuïsie van Xhosa?
- (ii) Wat is die waarde van die V2-parameter in die IT-grammatika van Afrikaanssprekende beginnerleerders van Xhosa, soos aangedui deur die werkwoord-posisie in NSIHS'e in die leerders se produksie en intuïsie van Xhosa?
- (iii) Lewer die leerders se taalgedrag, soos blyk uit die take, bewyse vir of teen T1-oordrag?
- (iv) Watter implikasies het die resultate van hierdie ondersoek vir die T2-onderdig van Xhosa in 'n veeltalige onderrigomgewing?

Om hierdie vrae te beantwoord, is twee take ontwerp – 'n sinsboutaak en 'n grammatikaliteitsoordeeltaak – en het vier groepe deelnemers die take voltooi: 'n groep Engelssprekende leerders van Xhosa, 'n groep Afrikaanssprekende leerders van Xhosa en twee groepe moedertaalsprekers van Xhosa ('n adolessente groep en 'n volwasse groep).

Die tesis is soos volg georganiseer: Hoofstuk 2 verskaf 'n breedvoerige bespreking van die V2-parameter en die waardes van hierdie parameter in die drie betrokke tale sowel as 'n oorsig van relevante literatuur oor T1-oordrag in T2-verwerking. Die ondersoek word daarna in besonderhede in Hoofstuk 3 bespreek en Hoofstuk 4 verskaf 'n kort bespreking oor moontlike antwoorde wat die resultate van hierdie ondersoek voorstel op die navorsingsvrae (i) tot (iv) hierbo.

## HOOFSTUK 2

### DIE V2-PARAMETER EN T1-OORDRAG

Hoofstuk 2 verskaf die teoretiese agtergrond vir die empiriese ondersoek waaroor daar in Hoofstuk 3 verslag gelewer word. Eerstens word daar in afdeling 2.1 aandag gegee aan die waarde van die V2-parameter en werkwoordplasing in die drie betrokke tale (Engels, Afrikaans en Xhosa). Afdeling 2.2 fokus op die verskillende sienings van T1-oordrag in die aanvanklike stadia van T2-verwerwing, en in afdeling 2.3 word 'n oorsig gegee van vorige navorsing oor die oordrag (al dan nie) van die T1-waarde van die V2-parameter in T2-verwerwing.

#### 2.1 Die V2-parameter en werkwoordplasing: Engels, Afrikaans en Xhosa

Engels en Afrikaans het albei die oppervlakkige subjek-verbum-objek (SVO)-volgorde in stelsinne waar die grammatikale subjek in sinsinisiële-posisie voorkom, soos geïllustreer deur die Engelse sin in (1) en die Afrikaanse sin in (2)<sup>4</sup>:

(1) *I eat bread.*

ek eet brood

(2) *Ek eet brood.*

Wanneer die sinsinisiële-posisie egter deur 'n NS beset word, vind subjek (S)–verbum (V)-inversie plaas in Afrikaans maar nie in Engels nie. Dit het tot gevolg dat die werkwoord in die derde posisie voorkom in Engelse NSIHS'e (sien (3)), maar in die tweede posisie in Afrikaanse NSIHS'e (sien (4)).

(3) a. *This bread I eat every day.*

hierdie brood ek eet elke dag

---

<sup>4</sup> In Afrikaans kom die hoof-V in sinsfinale posisie voor in stelsinne met een of meer hulpwerkwoord(e) in die tweede posisie, bv. *Ek wil die brood eet*. Afrikaanse bysinne wat ingelei word deur 'n waarneembare komplementeerder (*dat, of*) het ook 'n SOV-patroon, bv. *Hy weet dat ek brood eet* (Conradie 2005: 55).

- b.        \**This bread eat I every day.*
- (4) a.       *Hierdie brood eet ek elke dag.*
- b.       \**Hierdie brood ek eet elke dag.*

Binne generatiewe sintaksis word beweer dat alle sinne die grammatikale status van ‘n komplementeerder-frase (“Complementizer phrase”, CP) het; so ‘n frase met sy strukturele C-hoof speel ‘n sentrale rol in die verskynsel van Werkwoordskuif (‘n sintaktiese bewerking wat verband hou met die verskille in werkwoordposisie tussen die Engelse en Afrikaanse sinne hierbo).<sup>5</sup> Die waarde van die V2-parameter hou direk verband met die teenwoordigheid of afwesigheid van ‘n sekere kenmerk in die komplementeerder (“Complementizer”, C) en het sekere gevolge wat sigbaar is in die woordorde van NSIHS’e. Hierdie V2-kenmerk is teenwoordig in [+V2]-tale, wat veroorsaak dat die werkwoord na C skuif, terwyl die kenmerk afwesig is in [-V2]-tale, sodat die werkwoord sy posisie onder die werkwoord-frase (“Verb phrase”, VP) behou (Conradie 2006: 72-3). In ‘n [+V2]-taal, soos Afrikaans, sal ‘n getopikaliseerde objek (“Topicalized object”, TO), ‘n preposisionele frase (“Prepositional phrase”, PP) of ‘n adverbiale frase (“Adverbial Phrase”, AP), wat in sinsinisiële-posisie voorkom, direk gevolg word deur die werkwoord wat uit die VP (via T/I – die hoofde van die sogenaamde “Tense Phrase” en “Inflectional Phrase”, onderskeidelik) na C geskuif het en dus in die tweede sinsposisie voorkom. In ‘n [-V2]-taal, soos Engels, word die NS (TO, PP of AP) direk gevolg deur die subjek met die werkwoord in die derde sinsposisie, steeds binne die VP. V2-NSIHS’e is dus grammatikaal en V3-NSIHS’e ongrammatikaal in [+V2]-tale soos Afrikaans (sien weer (4)). Hierteenoor is V3-NSIHS’e grammatikaal en V2-NSIHS’e ongrammatikaal in [-V2]-tale soos Engels (sien weer (3) hierbo). Hieruit kan afgelei word dat die V2-parameterwaarde vir Engels [-V2] is en vir Afrikaans [+V2].<sup>6</sup>

<sup>5</sup> Vergelyk byvoorbeeld O’Grady, Dobrovsky & Katamba (1997: hoofstuk 3).

<sup>6</sup> Sien Conradie (2005: hoofstuk 2) vir ‘n volledige beskrywing van die V2-parameterwaarde vir Engels en Afrikaans (asook Duits en Frans).

In Xhosa is dit egter nie duidelik wat die waarde van die V2-parameter is nie, en selfs of hierdie parameter van toepassing is in hierdie taal nie (sien voetnoot 3), want die werkwoord kan in tweede of derde posisie geplaas word in NSIHS'e in Xhosa, soos die sinne in (5) tot (7) hieronder illustreer.

- (5) a. *Esikolweni bafunda iincwadi abafundi.*  
 by die skool hulle lees (die) boeke (die) leerders  
 “By die skool lees die leerders boeke.”  
 b. *Esikolweni abafundi bafunda iincwadi.*
- (6) a. *Esi sonka uyasitya uJohn.*  
 hierdie brood hy.dit.eet John  
 “Hierdie brood eet John.”  
 b. *Esi sonka uJohn uyasitya.*
- (7) a. *Emva kwemini ufunda iphephandaba utatomkhulu.*  
 in die middag hy lees (die) koerant (die) oupa  
 “In die middag lees oupa die koerant.”  
 b. *Emva kwemini utatomkhulu ufunda iphephandaba.*

In (5) is die NS 'n PP (*esikolweni*) en die werkwoord is *-funda*; in (6) is die NS 'n TO (*esi sonka*) en die werkwoord is *-tya*; in (7) is die NS 'n AP (*emva kwemini*) en die werkwoord is *-funda*. In elke voorbeeld is die werkwoord in die tweede posisie in die (a)-sin en in die derde posisie in die (b)-sin; nogtans is beide die (a)- en (b)-sinne grammatikaal.

In hul bespreking van Xhosa-sintaksis, beskryf Du Plessis & Visser (1998: 48) Xhosa as 'n SVO-taal waarin die objek altyd op die werkwoord volg. Xhosa beskik ook oor subjek(S)-skakels en objek(O)-skakels wat as prefikse aan die werkwoord gekoppel word en dien as kongruensie-merkers (Du Plessis & Visser 1998: 51). Watter skakel gebruik word, word bepaal deur die selfstandige naamwoord (s.nw.)-klas waaraan die betrokke S

of O behoort. Alle s.nwe. in Xhosa bestaan uit ‘n prefiks en ‘n stam (vergelyk Kirsch, Skorge & Magona 2001: 111). Die prefiks dui enkelvoud of meervoud aan en die stam dui die woord se betekenis aan. S.nwe. word op grond van hulle prefikse in s.nw.-klasse gegroepeer. ‘n Voorbeeld ter illustrasie is klasse 1 en 2: alle s.nwe. met die prefiks *um-* wat gekoppel is aan ‘n stam wat na ‘n persoon verwys (byvoorbeeld *umfundi* (“leerder”), behoort tot klas 1. Die meervoudsvorm van die prefiks *um-* is *aba-* en alle s.nwe. met hierdie meervoudsprefiks (byvoorbeeld *abafundi* (“leerders”)), behoort tot klas 2. ‘n S.nw. se prefiks bepaal sy S- of O-skakel: klas 1 se S-skakel is *u-* en klas 2 se S-skakel is *ba-*.<sup>7</sup> S-skakels en O-skakels is altyd vas aan die werkwoord. In (8) word die werkwoord *uyasitya*, wat in die voorbeeldsinne in (6) voorkom, ontleed om die S- en O-skakels aan te dui.

(8)	<i>u</i>	–	<i>ya</i>	–	<i>si</i>	–	<i>tya</i>
	S-skakel		verbindingskakel		O-skakel		eet (V)
	van <i>uJohn</i>				van <i>isonka</i>		

Omdat die S- en O-skakels, wat vas is aan die werkwoord, aandui watter s.nw. die subjek en watter s.nw. die objek is, kan hierdie s.nwe. (die leksikale subjek en objek) in verskillende posisies in die sin se oppervlakstruktuur voorkom (Du Plessis & Visser 1998: 56). Soos blyk uit voorbeelde (5)-(7) het sprekers van Xhosa ‘n keuse ten opsigte van hul plasing van O, S en V in die oppervlakstruktuur van ‘n sin, maar hierdie keuse hang binne ‘n spesifieke konteks saam met stilistiese faktore. Du Plessis & Visser (1998: 56) beweer dat hierdie opsionaliteit, juis omdat dit stilisties van aard is, nie deel uitmaak van die sintaksis van Xhosa nie. ‘n Meer volledige bespreking van hierdie onderwerp val buite die bereik van hierdie tesis – die geïnteresseerde leser word verwys na Du Plessis & Visser (1998). Wat van belang is vir die ondersoek waaroor daar in hierdie tesis verslag gelewer word, is dat (i) Afrikaans ‘n [+V2]-taal is wat slegs V2-NSIHS’e toelaat, (ii) Engels ‘n [-V2]-taal is wat slegs V3-NSIHS’e toelaat en (iii) Xhosa beide V2- en V3-

---

<sup>7</sup> Die S- en O-skakel van ‘n s.nw. is identies behalwe in gevalle waar die S-skakel slegs uit ‘n vokaal bestaan, bv. *u-*. In sulke gevalle verander die O-skakel na *ku-* (Kirsch et al.2001: 116).

NSIHS'e toelaat ('n feit wat bly staan ongeag die onduidelike status van die V2-parameter in hierdie taal).

In die afgelope dekade is substantiewe veranderinge voorgestel binne generatiewe sintaksis, wat onder meer gelei het tot die ontwikkeling van Minimalistiese Sintaksis.<sup>8</sup> Binne Minimalistiese Sintaksis bestaan elke taal uit 'n leksikon en 'n komputasie-sisteem. Die leksikon bevat al die leksikale items (tesame met hul kenmerke) van die taal. Hierdie leksikale items kan opgedeel word in (i) funksionele items (soos bv. determineerders en komplementeerders) wat formele kenmerke bevat en (ii) substantiewe items (soos bv. naamwoorde en werkwoorde) wat fonetiese en semantiese kenmerke bevat. 'n Sintaktiese struktuur word gevorm wanneer die komputasie-sisteem items uit die leksikon selekteer en hulle kombineer deur die bewerking Saamvoeg ("Merge"). Daar word onderskei tussen twee tipes Saamvoeg, naamlik Eksterne Saamvoeg en Interne Saamvoeg. Tydens Eksterne Saamvoeg word 'n element wat nog nie deel is van die sintaktiese struktuur nie, gekombineer met 'n element wat reeds binne die struktuur voorkom. Tydens Interne Saamvoeg word 'n element wat reeds binne die sintaktiese struktuur voorkom, gekopieër en hierdie kopie word dan saamgevoeg met 'n ander element wat reeds binne die struktuur voorkom. Interne Saamvoeg stem grootliks ooreen met die bewerking waarna daar in hierdie tesis as "skuif" verwys word: "Werkwoordskuif" na CP sou bv. in Minimalistiese Sintaksis behels dat die werkwoord gekopieër word en met die funksionele element C gekombineer word.

Interne Saamvoeg word gemotiveer deur die beginsel van Volle Interpretasie ("Full Interpretation") wat vereis dat alle oninterpreteerbare kenmerke afgemerkt ("checked") moet word in die loop van die afleiding. Om te verstaan wat met "oninterpreteerbare kenmerke" bedoel word, is dit nodig om te verwys na twee kognitiewe sisteme wat met die komputasie-sisteem interakteer: die Konseptuele-Intensionele (K-I) sisteem en die Artikulatories-Perseptuele (A-P) sisteem. Die K-I sisteem interakteer met die

---

<sup>8</sup> Hierdie ontwikkeling het plaasgevind binne die raamwerk van die Minimalistiese Program - sien Chomsky (1995). Sien ook Hornstein, Nunes & Grohman (2005) vir 'n volledige oorsig oor die ontwikkeling van Minimalistiese Sintaksis. Die kort bespreking wat hier volg, is in 'n groot mate gebaseer op Botha & Oosthuizen (om te verskyn) – my opregte dank aan die outeurs van laasgenoemde publikasie vir die beskikbaarstelling daarvan.

sogenaamde LF-komponent van die komputasie-sisteem (waar “LF” verwys na “logical form”) en hierdie interaksie lei tot die semantiese interpretasie van ‘n taalkundige uitdrukking. Die A-P sisteem, aan die ander kant, interakteer met die sogenaamde PF-komponent van die komputasie-sisteem (waar “PF” verwys na “phonetic form”) en hierdie interaksie lei tot die fonetiese interpretasie van ‘n taalkundige uitdrukking. Sommige kenmerke kan slegs geïnterpreteer word deur die K-I sisteem (d.w.s. in die LF-komponent) en ander kenmerke kan slegs geïnterpreteer word deur die A-P sisteem (d.w.s. in die PF-komponent). Verder is daar sekere kenmerke wat glad nie deur enige van die twee sisteme geïnterpreteer kan word nie, en dit is hierdie kenmerke wat “onïnterpreteerbaar” is. Indien daar enige onïnterpreteerbare kenmerke is wat nie in die loop van die afleiding afgemerkt (en op hierdie manier gedeleer) is nie, word daar gesê dat die afleiding ineenstort (“crash”); indien alle onïnterpreteerbare kenmerke in die loop van die afleiding afgemerkt is, word daar gesê dat die afleiding konvergeer (“converge”).

Die formele kenmerke van funksionele items is onïnterpreteerbaar en moet dus afgemerkt word in die loop van die afleiding. Tale verskil ten opsigte van watter formele kenmerke “sterk” en watter “swak” is. Sterk formele kenmerke moet binne ‘n lokale domein afgemerkt word. Wanneer die funksionele hoof wat die sterk formele kenmerk bevat en die leksikale item wat die hierdie kenmerk kan afmerk, reeds binne ‘n lokale domein voorkom, vind kenmerk-afmerking in situ plaas, maar in gevalle waar hierdie twee items (die betrokke funksionele hoof en leksikale item) nie in ‘n lokale domein voorkom nie, trek die funksionele hoof die leksikale item aan (“attract”), wat lei tot Interne Saamvoeg. Wanneer die betrokke formele kenmerk swak is, hoef dit nie binne ‘n lokale domein afgemerkt te word nie en sal Interne Saamvoeg nie plaasvind nie.

Parametriese woordorde-verskille tussen tale hang saam met die onderskeid tussen sterk en swak formele kenmerke. Dat die werkwoord vanaf VP (via T/I) na C “skuif” in Afrikaans maar nie in Engels nie, hang daarmee saam dat die betrokke formele kenmerk van C sterk is in Afrikaans maar swak is in Engels. Hierbo is daar beweer dat Afrikaans [+V2] is en Engels [-V2]. In Minimalistiese Sintaksis sou “[+V2]” eenvoudig aandui dat die formele kenmerk in C wat afgemerkt moet word deur ‘n finiete werkwoord sterk is,



terwyl “[-V2]” sou aandui dat hierdie kenmerk swak is. Uit hierdie kort bespreking behoort dit duidelik te wees dat die waarnemings wat in hierdie afdeling oor werkwoordplasing in die drie betrokke tale gemaak is, anders bewoord sou word binne Minimalistiese Sintaksis. Dit beïnvloed egter geensins die oppervlakswoordeorde van hierdie tale of die interpretasie van die ondersoek se resultate nie.

## **2.2 Verskillende sienings van T1-oordrag**

### **2.2.1 Die Volledige Oordrag-hipotese**

Die verskille tussen T1- en T2-verwerwing het gelei tot verskeie voorstelle oor die moontlike oorsake daarvan. Volgens Clahsen & Muysken (1986: 93-4) sluit die vernaamste verskille tussen T1- en T2- verwerwing in (i) dat T1-ontwikkeling aansienlik vinniger geskied as T2-ontwikkeling en (ii) dat alle normale T1-verwerwing suksesvol is (d.w.s. lei tot die verwerwing van die volledige moedertaalgrammatika) terwyl T2-verwerwing by adolessente en volwassenes meestal nie heeltemal suksesvol is nie, aangesien hulle nie moedertaalsprekervaardigheid in die teikentaal (T2) bereik nie. T1-verwerwing verwys sonder uitsondering na jong kinders se verwerwing van hul moedertaal, terwyl T2-verwerwing meerendeels na adolessente en volwassenes se verwerwing van ‘n addisionele taal verwys. Hierdie verskil in die ouderdom van T1-leerders teenoor T2-leerders het reeds baie aandag geniet in navorsing oor die sogenaamde Kritieke Tydperk (KT)-hipotese.<sup>9</sup> Volgens die KT-hipotese geskied T1-verwerwing met behulp van leerstrategieë afkomstig van die LAD en die beginsels en parameters van UG (sien Hoofstuk 1), terwyl adolessente en volwasse T2-leerders nie meer toegang het tot die LAD of UG nie en daarom genoodsaak word om van algemene leerstrategieë en hul algemene kognitiewe vaardighede gebruik te maak tydens T2-verwerwing (Scovel 2000: 219).

Een van die moontlike oorsake vir die verskille tussen T1- en T2-verwerwing kan dus gekoppel wees aan ouderdomsverskille, maar Schwartz & Sprouse (1994, 1996) stel ‘n

---

<sup>9</sup> Sien Scovel (2000) vir ‘n oorsig van die vernaamste navorsing oor die KT-hipotese.

ander moontlike oorsaak voor, naamlik die aard van die beginstadium van T1-verwerwing teenoor die aard van die beginstadium van T2-verwerwing.<sup>10</sup> Hulle stel voor dat T1-leerders met 'n "skoon" kopie van UG begin (waar geen parameter vir 'n waarde gestel is nie), terwyl T2-leerders begin met hul T1 se "weergawe" van UG (Schwartz & Sprouse 1996: 41). Volgens hulle is die beginstadium van T2-verwerwing dus gelykstaande aan die uiteindelijke stadium van T1-verwerwing.<sup>11</sup> Die LAD en UG is steeds operasioneel, net soos tydens T1-verwerwing, maar die groot verskil is geleë in die verskillende beginpunte van T1- en T2-verwerwing. Alle verworwe beginsels en parameters van die T1-grammatika word oorgedra na die aanvanklike stadium van T2-verwerwing en daarom staan hierdie hipotese van die beginstadium van T2-verwerwing bekend as die Volledige Oordrag-hipotese ("Full Transfer hypothesis").

### 2.2.2 Die Geen Oordrag-hipotese

'n Alternatiewe hipotese oor die beginstadium van T2-verwerwing is die sogenaamde Geen Oordrag-hipotese ("No Transfer hypothesis"), waarvolgens T2-leerders almal met dieselfde IT-grammatika begin, ongeag die eienskappe van hul T1, omdat hulle nie die parameterwaardes van hul T1 oordra na hul aanvanklike IT-grammatika vir die teikentaal (T2) nie. Hierdie hipotese is voorgestel deur Clahsen & Muysken (1986) (alhoewel hulle nie die hipotese 'n naam gee nie).

In hul studie oor die verwerwing van Duitse woordorde vergelyk Clahsen & Muysken (1986) die grammatikale kennis van kinders wat Duits as T1 verwerf met volwassenes wat Duits as T2 aanleer. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat die kinders wat Duits as T1 verwerf, vroeg reeds die SOV-volgorde van Duits onder die knie het, terwyl die volwasse leerders wat Duits as T2 aanleer, aanvanklik die ongrammatikale SVO-volgorde gebruik, ongeag of hul T1 'n SVO- of 'n SOV-taal is. Volgens Clahsen & Muysken (1986) begin

<sup>10</sup> Scovel (2000: 220) maan ook teen die onomstrede aanvaarding van die KT-hipotese as riglyn vir 'n beleid i.v.m. T2-onderrig of as basis vir T2-onderrigmetodes.

<sup>11</sup> Schwartz & Sprouse (1996) baseer hul gevolgtrekkings op die bevindings van hul studie (Schwartz & Sprouse 1994) wat strek oor 'n tydperk van 26 maande, oor die verwerwing van Duits as T2 deur 'n volwasse Turkse leerder, Cevdet. Verder verwys hulle, onder andere, ook na Trahey & White (1993) se studie oor die effek van addisionele positiewe data in die verwerwing van werkwoord- en bywoordplasing in Engels (T2) deur Franse leerders as bewyse vir die Volle Oordrag-hipotese.

alle T2-leerders dus met dieselfde woordorde (SVO), wat daarop dui dat die eienskappe van T1 nie oorgedra word na die aanvanklike IT-grammatika vir die T2 nie.<sup>12</sup>

### **2.2.3. Voorspellings van die twee hipoteses vir die huidige ondersoek**

Met betrekking tot die ondersoek waaroor hierdie tesis verslag lewer, voorspel die Volledige Oordrag-hipotese dat daar (beduidende) verskille sal wees in die aanvanklike IT-grammatikas van Engelssprekende T2-leerders van Xhosa teenoor Afrikaanssprekende T2-leerders van Xhosa. Die Engelssprekende leerders sal die [-V2]-waarde van hul T1 oordra na die IT-grammatika in die beginstadium van hul T2-verwerwing van Xhosa en sal slegs V3-NSIHS'e produseer en as grammatikaal beoordeel in Xhosa. Hierteenoor sal die Afrikaanssprekende leerders die [+V2]-waarde van hul T1 oordra en slegs V2-NSIHS'e produseer en as grammatikaal beskou in Xhosa.

Die Geen Oordrag-hipotese voorspel geen (beduidende) verskille tussen die Engelssprekende en Afrikaanssprekende T2-leerders se beginner-IT-grammatikas vir Xhosa nie. In die ondersoek wat in die volgende hoofstuk bespreek word, word die verskillende voorspellings van hierdie twee hipoteses getoets. Ek sluit die huidige hoofstuk af met 'n oorsig van vorige ondersoeke na die moontlikheid van T1-oordrag.

## **2.3 Vorige navorsing oor die moontlike T1-oordrag van die V2-parameterwaarde**

In 'n studie oor die T2-verwerwing van werkwoordplasing het White (1990/1991) die effek wat verskillende parameterwaardes vir T1 en T2 tydens T2-verwerwing het, ondersoek. Sy het Franssprekende T2-leerders van Engels drie take gegee om hul produksie van die SVAO-volgorde en die SAVO-volgorde te vergelyk. Sy het tot die gevolgtrekking gekom dat die Franse T2-leerders die ongrammatikale SVAO-volgorde in

---

<sup>12</sup> Clahsen & Muysken (1986: 95, 113) ondersteun die KT-hipotese (sien afdeling 2.2.1) en beweer dat T1-verwerwing met behulp van die LAD en UG geskied, terwyl (volwasse) T2-verwerwing met behulp van algemene leerstrategieë en algemene kognitiewe vaardighede geskied. Let daarop dat hierdie tesis nie gemoeid is met (voorspellings van) die KT-hipotese nie, omdat die aanvanklike stadium van T2-verwerwing, en nie die uiteindelijke stadium nie, in hierdie studie ondersoek word.

Engels gebruik, wat suggereer dat hulle verkeerdlik aanneem dat die adverbiaal tussen die werkwoord en die objek kan voorkom in Engels, soos in hul T1 Frans. Op hierdie manier steun die resultate van White se ondersoek die Volledige Oordrag-hipotese (sien White 1990/1991: 342).

Robertson & Sorace (1999) ondersoek moontlike oorsake vir die verskynsel dat sommige Duitssprekende T2-leerders van Engels ('n [-V2]-taal) tot in 'n gevorderde stadium van T2-verwerwing steeds die ongrammatikale V2-volgorde (soos in Duits, 'n [+V2]-taal) gebruik in Engels. Alhoewel hierdie studie, anders as die huidige ondersoek, fokus op 'n gevorderde stadium van T2-verwerwing, is dit steeds relevant, aangesien die gebruik van die V2-volgorde in die gevorderde stadium van T2-verwerwing daarop dui dat die T1-waarde van die V2-parameter wel oorgedra is in die leerders se T2-verwerwing (Robertson & Sorace 1999: 352). Hierdie studie lewer daarom verdere bewyse ten gunste van die Volledige Oordrag-hipotese.

In 'n longitudinale studie van Sweedssprekende T2-leerders van Duits, beweer Håkansson, Pienemann en Sayehli (2002) dat die leerders se produksie bewyse lewer ten gunste van die Geen Oordrag-hipotese. Beide Duits en Sweeds is [+V2], maar geen bewyse is gevind wat die aanvanklike oordrag van die V2-volgorde vanaf die T1 na die T2 ondersteun nie. In plaas daarvan wil dit voorkom of die Sweedssprekende leerders begin met 'n basiese SVO-volgorde gevolg deur 'n tussentydse struktuur wat in beide die T1 en T2 ongrammatikaal is (Håkansson et al. 2002: 258).<sup>13</sup> Pienemann bied 'n moontlike verklaring vir hierdie verskynsel met sy Prossesseerbaarheidsteorie ("Processability Theory"). Volgens hierdie teorie is T1- en T2-verwerwing gebaseer op 'n universele hiërargie van prossesseringsprosedures (Håkansson et al. 2002: 258-264) wat in 'n vaste patroon en met behulp van 'n Formuleerder ("Formulator") geskied. Die gevolg hiervan is dat T2-leerders nie die volledige T1-grammatika op een slag (in die inisiële stadium van T2-verwerwing) oordra nie, maar dat strukture van die T1 slegs

---

<sup>13</sup> Vergelyk ook Clahsen & Muysken (1996) se siening van 'n universele roete vir T2-verwerwing wat begin met dieselfde SVO-volgorde (sien afdeling 2.2.2 hierbo).

oorgedra word wanneer die IT-grammatika in staat is daartoe om dit te prosesseer (Conradie 2005:102).

Bohnacker (2004) verskil egter van navorsers soos, onder andere, Clahsen & Muysken (1986) en Håkansson, Pienemann en Sayehli (2002) wat beweer dat daar 'n universele roete van T2-verwerwing bestaan en dat alle T2-leerders, ongeag hul T1, begin met die (basiese) SVO-volgorde. In haar studie ondersoek sy die verwerwing van [+V2] Duits deur T1-sprekers van [+V2] Sweeds. Met die eerste oogopslag is dit verbasend dat hierdie leerders wie se T1 en T2 die [+V2]-parameterwaarde deel, 'n V2/V3-opsionaliteit toon, maar Bohnacker stel voor dat dit nie verbasend is as in ag geneem word dat hierdie leerders ook almal gevorderde T2-sprekers van [-V2] Engels is nie. Sy skryf hulle V2/V3-opsionaliteit toe aan 'n kombinasie van T1-oordrag vanaf [+V2] Sweeds en T2-oordrag van [-V2] Engels. Bohnacker (2004) bied ook bewyse vir haar T2-oordrag-voorstel deur te verwys na die T2-verwerwing van [+V2] Duits deur T1-sprekers van [+V2] Sweeds wat nie Engels as T2 het nie: in die afwesigheid van T2 ([-V2]) Engels, dra Sweedssprekende leerders van Duits eenvoudig die [+V2]-waarde van hul T1 oor na hul IT-grammatika vir Duits en aanvaar hulle van die begin af slegs V2s en nie V3s nie.

Conradie (2005) het die T2-verwerwing van twee parameters in Afrikaans (waarvan een die V2-parameter) deur Engelssprekende en Duitssprekende beginnerleerders ondersoek. Die resultate van die ondersoek dui beduidende verskille aan tussen die Engelse en Duitse groepe se prestasie in al drie take wat hulle voltooi het. Gesien teen die agtergrond dat Engels 'n [-V2]-taal en Duits 'n [+V2]-taal is, lewer die verskille tussen die twee beginner-groepe se prestasie bewyse vir die Volledige Oordrag-hipotese. Beide beginner-groepe se prestasie verskil ook van dié van die Afrikaanse kontrolegroep. Aangesien Afrikaans 'n [+V2]-taal is, voorspel die Volledige Oordrag-hipotese bogenoemde verskil tussen die Engelse groep se prestasie en dié van die Afrikaanse kontrolegroep. Die onverwagse verskille tussen die Afrikaanse kontrolegroep en die Duitse groep se prestasie (beide is [+V2]-tale), skryf Conradie (2005) toe aan, onder andere, 'n V2/V3-opsionaliteit wat verklaar kan word op grond van T2-oordrag uit

Engels na die IT-grammatika van Afrikaans vir die Duitse groep (vergelyk ook Bohnacker (2004) hierbo).

In die volgende hoofstuk word daar verslag gelewer oor my eie ondersoek na moontlike T1-oordrag van die V2-parameterwaarde in T2-verwerking van Xhosa.

## HOOFSTUK 3

### DIE ONDERSOEK

Die doel van die ondersoek waaroor daar in hierdie hoofstuk verslag gelewer word, was om vas te stel of Engelssprekende en Afrikaanssprekende leerders, onderskeidelik, die T1-waarde van die V2-parameter ([-V2] vir Engels en [+V2] vir Afrikaans) oordra in die T2-verwerwing van Xhosa. Twee take, 'n sinsboutaak en 'n grammatikaliteitsoordeletaak, is ontwerp om vas te stel wat die waarde van die V2-parameter in die IT-grammatikas van twee leerdergroepe ('n T1-Engelse groep en 'n T1-Afrikaanse groep) is. Hierdie hoofstuk beskryf eerstens die deelnemers (afdeling 3.1) en die voorbereiding vir die afneem van die take (afdeling 3.2). Die ontwerp van die twee take word in afdeling 3.3 uiteengesit. In afdeling 3.4 word verslag gelewer oor die resultate van die ondersoek vir elk van die groepe: die kontrolegroepe (afdelings 3.4.1 en 3.4.2), die Engelse groep (afdeling 3.4.3) en die Afrikaanse groep (afdeling 3.4.4). Afdeling 3.5 verskaf 'n samevatting en kort bespreking van die resultate.

#### 3.1 Die deelnemers

Sewentien graad 10-leerders het aan die studie deelgeneem. Al die leerders neem Xhosa as tweede addisionele taal en is in dieselfde Xhosa-klas by dieselfde onderwyseres. Xhosa is vir die meeste van hierdie leerders hul derdetaal (T3), met onderskeidelik Afrikaans of Engels as hul T2. Die leerders is van drie skole, nl. 'n Engels-medium meisieskool, 'n Afrikaans-medium meisieskool en 'n dubbelmedium Afrikaans-Engelse seunskool. Hul ontvang vier keer per week vir een periode van 50 minute onderrig in Xhosa. Die onderrig fokus op die aanleer van grammatika sowel as kommunikatiewe vaardighede, maar departementele assesseringsvereistes en die tydsfaktor het, volgens die onderwyseres, tot gevolg dat die grammatikale aspek soms meer aandag geniet. Die klaskamer is gesetel in die Engelse skool waar leerders van al drie skole bymekaarkom vir die Xhosa-onderrig, maar die onderwyseres beskryf haar klasse as tweetalig. Sy wys byvoorbeeld daarop dat sommige begrippe "makliker" is om in Afrikaans te verduidelik,

selfs vir die Engelse leerders wat feitlik almal ook Afrikaans magtig is. Hierdie siening word beaam deur 'n ander Xhosa-onderwyseres wat reeds 18 jaar aan 'n Engels-medium hoërskool verbonde is.<sup>14</sup>

Na oorlegpleging met verskeie Xhosa-onderwysers en 'n Xhosa-dosent verbonde aan 'n universiteit, is daar besluit om Graad 10-leerders te gebruik omdat hulle eers in hierdie graad werklik op sinsbou en woordorde fokus en die take in die ondersoek vereis dat hulle sinne in Xhosa moet bou en die grammatikaliteit van ander sinne moet beoordeel. Die leerders se gemiddelde ouderdom is 16 jaar en die tydperk wat die leerders reeds onderrig in Xhosa ontvang, wissel van drie tot sewe jaar. Dit is derhalwe debatteerbaar of hierdie leerders as beginnerleerders beskou kan word. Ek wil egter op grond van twee feite aanvoer dat hulle wel beginnerleerders is. Ten eerste: aangesien Xhosa-onderrig in die laerskool en junior sekondêre fase grotendeels op die aanleer van woordeskat en frases sowel as die klassesistiem vir Xhosa-naamwoorde<sup>15</sup> fokus, sou die sinsboutake om [+V2]- en [-V2]-oordrag te toets, nie deur jonger leerders uitgevoer kon word nie. Tweedens moet die blootstellingstydperk aan Xhosa van drie tot sewe jaar in perspektief beskou word: leerders ontvang op laerskool gemiddeld een 40-45-minuutperiode per week onderrig in Xhosa. In 'n gemiddelde skooljaar van veertig weke, beloop dit in totaal slegs 30 ure van Xhosa-lesse per jaar (toetsperiodes en eksamens ingesluit), en vir die meeste leerders verteenwoordig hierdie lesure hul enigste blootstelling aan Xhosa.

Die leerders is uiteindelik in drie groepe verdeel: 'n groep van agt leerders met Afrikaans as T1 (voortaan “die Afrikaanse groep”), 'n groep van vyf leerders met Engels as T1 (voortaan “die Engelse groep”) en 'n derde groep van vier leerders wat volgens die inligting op die agtergrondvraelyste Xhosa as T1 het. Hierdie leerders is ingesluit in die studie omdat hulle saam met die Afrikaanse en Engelse leerders in die Xhosa-klas is, maar hulle word apart gegroep omdat hulle vir die doel van hierdie ondersoek nie as beginnerleerders van Xhosa beskou kan word nie. Ek sal voortaan na hulle verwys as die “adolessente Xhosa-kontrolegroep”.

---

<sup>14</sup> Die Xhosa uitspraak van vokale stem byvoorbeeld feitlik deurgaans ooreen met die Afrikaanse uitspraak van vokale.

<sup>15</sup> Sien verduideliking van die klassesistiem vir s.nwe. in Xhosa in afdeling 2.1.



Hierdie adolessente Xhosa-kontrolegroep se agtergrond weerspieël die huidige, veeltalige en meer geïntegreerde Suid-Afrikaanse samelewing waarbinne hierdie leerders grootword. Twee van die leerders het byvoorbeeld reeds as jong kinders Afrikaans, tesame met Xhosa, tuis gepraat alhoewel hul ouers ook Xhosa-moedertaalsprekers is; beide het ook 'n Afrikaans-medium laerskool bygewoon. Die ander twee deelnemers het hul laerskoolopleiding in Xhosa ontvang. Al vier deelnemers woon nou 'n hoërskool by waar Engels en/of Afrikaans die taal van onderrig is. Alhoewel almal aandui dat hulle tuis steeds net Xhosa praat, gebruik hulle in sosiale situasies en by die skool meestal Xhosa sowel as Engels, en soms ook Afrikaans.

Die tweede kontrolegroep bestaan uit vier volwasse Xhosa-moedertaalsprekers. Hul gemiddelde ouderdom is 25 jaar (die oudste deelnemer is 34 en die jongste 22 jaar). Al vier deelnemers se ouers was Xhosasprekend, hulle het as kinders slegs Xhosa tuis gepraat en is ook op laerskool in Xhosa onderrig. Drie van die vier deelnemers het tot op hoërskoolvlak nog onderrig in Xhosa ontvang. Hulle het almal op hoërskoolvlak ook onderrig in Engels ontvang. Vir al vier was Engels die taal waarin hulle hul kollege- of universiteitsopleiding ontvang het; slegs een deelnemer het Afrikaans ook as naskoolse onderrigtaal aangedui. Almal dui aan dat Xhosa hul huistaal is terwyl Engels die taal is wat hulle in die werksituasie gebruik. In sosiale situasies dui twee aan dat hulle Xhosa gebruik, een kombineer Xhosa en Engels en een gebruik slegs Engels in sosiale situasies. Al vier deelnemers beoordeel hul Engelse taalvaardighede as “gevorderd”, maar hul Afrikaanse taalvaardighede (indien aangedui) as “swak” of hoogstens as “gemiddeld”.

Die Afrikaanse groep het as jong kinders Afrikaans tuis gepraat en hulle was meestal in Afrikaanse laerskole.<sup>16</sup> Hulle noem Afrikaans en Engels as die enigste twee tale wat hulle in sosiale situasies en by die skool gebruik en dui aan dat hulle geen Xhosa buite klasverband gebruik nie. Die meeste leerders in hierdie groep beoordeel hul Engelse taalvaardighede as “gevorderd” tot “byna moedertaalvlak”.

---

<sup>16</sup> Sien bespreking van uitsonderings in afdeling 3.4.4 hieronder.

Die deelnemers in die Engelse groep het meestal Engelse laerskole bygewoon en is tans in 'n Engelse hoërskool. 'n Interessante verskynsel by hierdie groep is dat een óf beide ouers van elke deelnemer Afrikaanssprekend is. Tuis het hulle as jong kinders slegs Engels of 'n kombinasie van Engels en Afrikaans gepraat. Hulle beoordeel hulle Afrikaanse taalvaardighede as “gemiddeld” tot “byna moedertaalvlak”. Vir almal van hulle is Engels by uitstek hul voorkeurtaal en hulle beskou dit as hul T1. Buite die klaskamer gebruik hulle ook feitlik geen Xhosa nie.

### **3.2 Voorbereiding**

Al die Graad-10 deelnemers het vooraf 'n agtergrondvraelys (Bylaag 1) en 'n toestemmingsbrief (Bylaag 2) ontvang. Daar is ook vir elkeen 'n woordelys (Bylaag 3) gegee met Engelse en Afrikaanse vertalings van al die Xhosa woorde wat in die take gebruik sou word, sodat hulle reeds vooraf daarmee vertrouwd kon raak en geen van die woorde in die take vir hulle onbekend sou wees nie.<sup>17</sup> Die leerders kon ook tydens die afneem van die take die woordelys raadpleeg.

### **3.3 Take**

Al die deelnemers het dieselfde twee take voltooi: 'n sinsboutaak (Taak 1) en 'n grammatikaliteitsoordeletaak (Taak 2). Taak 1 is eerste voltooi en ingeneem voordat leerders met Taak 2 begin het. Die instruksies was in Afrikaans vir die Afrikaanse groep en in Engels vir die ander groepe.

---

<sup>17</sup> Die betrokke Xhosa-onderwyseres het tydens die opstel van die take vir my gehelp om dit binne die leerders se kennisvlak te hou.

### 3.3.1 Sinsboutaak

Hierdie taak is gebaseer op White (1991) se sinsmanipulasietaak (“sentence manipulation task”) en het bestaan uit ‘n instruksieblad gevolg deur ses bladsye.<sup>18</sup> Op elke bladsy was daar een woord gevolg deur stippellyne. Deelnemers moes hierdie woord as die eerste woord gebruik in die sinne wat hulle op die bladsy gebou het. Dit sou verseker dat hulle slegs NSIHS’e bou, aangesien die eerste woord in elke geval ‘n nie-subjek was. Daar was twee bladsye met ‘n getopikaliseerde objek (TO) (bladsye B en E), twee met ‘n adverbiale frase (AP) (bladsye C en D) en twee met ‘n preposisionele frase (PP) (bladsye A en F).

Onderaan elke bladsy was ‘n koevert met drie kaarte. Die aantal kaarte in die koevert is buite-op aangedui om te verseker dat die deelnemer al die kaarte vir die taak gebruik. Op die kaarte was woorde/ frases wat die deelnemer moes gebruik om die sin te voltooi. In (9) tot (11) hieronder word ‘n voorbeeld van elke tipe NS gegee. (Die Afrikaanse vertaling word hier aangedui, maar is nie in die taak self ingesluit nie.) Die volledige taak word as Bylaag 4 aangeheg.

- (9) *Ezi ncwadi*..... (TO)  
 Hierdie boeke.....

Woorde in koevert:

*eklasini*                      *abantwana*                      *bayazifunda*  
 in die klas                      (die) kinders                      hulle.dit.lees

- (10) *Zonke iimini*..... (AP)  
 Elke dag.....

Woorde in koevert:

---

<sup>18</sup> Vergelyk ook Conradie (2006: hoofstuk 4) vir haar weergawe van ‘n sinsmanipulasietaak soos gebaseer op White (1991) se “manipulation task”.

<i>i-Egoli</i>	<i>ubukela</i>	<i>umama</i>
Egoli	sy.kykna	ma

- (11) *Ekhithshini*..... (PP)  
 In die kombuis .....

Woorde in die koevert:

<i>upheka</i>	<i>umama</i>	<i>ipapa</i>
sy.kook	ma	(die) pap

Die woorde is in 'n koevert geplaas om te verhoed dat enige woord/frase voorrang kon geniet bo 'n ander. As die woorde in 'n lys of woordblok geplaas word, sal een woord altyd voor die ander verskyn, wat moontlik die deelnemer se keuse van woordvolgorde sou kon beïnvloed.<sup>19</sup>

Deelnemers moes hierdie woorde/frases rangskik in 'n volgorde wat vir hulle 'n aanvaarbare sin in Xhosa vorm, beginnende met die aangeduide NS. Hierdie sinne moes hulle dan neerskryf op die stippellyne. Hulle is aangemoedig om soveel moontlik aanvaarbare sinne met behulp van die kaarte te bou en neer te skryf. Alhoewel daar in beginsel ses moontlike volgordes is waarin die woorde in (11) gerangskik kan word, is slegs twee hiervan grammatikaal in Xhosa. Hierdie rangskikkings word in (12) hieronder weergegee.

- (12) a. *Ekhithshini*            *umama*            *upheka*            *ipapa*.  
           in die kombuis            ma            sy.kook            (die) pap  
           “In die kombuis kook ma pap.”
- b. *Ekhithshini upheka ipapa umama*.

<sup>19</sup> Die volwasse Xhosa-kontrolegroep het nie die kaarte in 'n koevert gekry vir Taak 1 nie; die betrokke woorde/frases is lukraak onderaan die bladsy gerangskik. Aangesien hulle volwasse T1-sprekers van Xhosa is, was die aanname dat hulle nie beïnvloed sou word deur hierdie rangskikking van die woorde nie.

### 3.3.2 Grammatikaliteitsoordeletaak

Hierdie taak is gebaseer op White (1991) se voorkeurtaak (“preference task”).<sup>20</sup> Deelnemers moes twaalf stelle sinne bestudeer en vir elke sin aandui of hulle dit as ‘n aanvaarbare sin in Xhosa beskou (deur ‘n kruisie onder JA te maak in die aangrensende kolom) of nie (deur ‘n kruisie onder NEE te maak in die aangrensende kolom). Die sinne was almal NSIHS’e (behalwe vir drie stelle vullers wat almal die SVO-volgorde gehad het). Daar was drie stelle sinne wat met ‘n TO begin het (stelle 3, 5 en 11), drie wat met ‘n AP begin het (stelle 4, 8 en 10), drie wat met ‘n PP begin het (stelle 1, 7 en 12) en drie stelle vullers. ‘n Voorbeeld van elke tipe stel word in (13) tot (16) hieronder gegee. (Die Afrikaanse vertalings en aanduidings van grammatikaliteit is nie in die taak self aangedui nie.) Die volledige taak word as Bylaag 5 aangeheg.

- (13) a     *Esi sonka*                 *uJohn*                 *uyasitya.*                 **(TO)**  
           hierdie brood             John                 hy.dit.eet  
           “Hierdie brood eet John.”  
       b.     *Esi sonka uyasitya uJohn.*
- (14) a     \**Namhlanje*                 *zidlala*                 *iintombi*                 *ihoki.*     **(AP)**  
           vandag                     hulle.speel             (die) meisies     hokkie  
           “Vandag speel die meisies hokkie.”  
       b.     *Namhlanje iintombi zidlala ihoki.*  
       c.     *Namhlanje zidlala ihoki iintombi.*
- (15) a.     *Esikolweni*     *abafundi*             *bafunda*                 *iincwadi.*     **(PP)**  
           by die skool     (die) leerders     hulle lees             (die) boeke  
           “By die skool lees die leerders boeke.”  
       b.     \**Esikolweni bafunda abafundi iincwadi.*  
       c.     *Esikolweni bafunda iincwadi abafundi.*

<sup>20</sup> Vergelyk ook Conradie (2006: hoofstuk 4) vir haar weergawe van die “preference task” in White (1991).

- (16) a. *Inkwenkwe ithenga iilekese egaraji (Vuller)*  
 (die) seuntjie hy.koop (die) lekkers by die garage  
 “Die seuntjie koop lekkers by die garage.”
- b. *Inkwenkwe ithenga iilekese.*

Die AP- en PP-stelle het elk drie sinne bevat met die volgende woordordes: (i) XP-VOS, (ii) XP-VSO en (iii) XP-SVO.<sup>21</sup> Die rede hiervoor was dat ek wou vasstel of die leerders die volgorde OS of SO (of albei) aanvaar in gevalle waar hulle wel die werkwoord in die tweede posisie aanvaar het. In die TO-stelle was daar slegs twee sinne, (i) TO-VS en (ii) TO-SV, omdat die objek dan in die eerste posisie was en die OS/SO kwessie dus glad nie ter sprake was nie.

### 3.4 Die resultate

In hierdie afdeling word die resultate van die twee take vir elke groep bespreek: die volwasse en adolessente Xhosa-kontrolegroepe (3.4.1 en 3.4.2), die Engelse groep (3.4.3) en die Afrikaanse groep (3.4.4). Drie tabelle word by die bespreking van elke groep ingesluit. Die eerste tabel in elke afdeling toon die deelnemers se resultate vir die sinsboutaak. Die tweede tabel gee die resultate van die grammatikaliteitsoordeletaak weer, met spesifieke verwysing na die aantal V2-sinne wat grammatikaal beoordeel is teenoor die aantal V3-sinne wat as grammatikaal beoordeel is. Die laaste tabel in elke afdeling behels ook die resultate van die grammatikaliteitsoordeletaak, maar wys spesifiek uit of die groep en individue ‘n voorkeur toon vir ‘n spesifieke woordorde by V2-sinne: die VOS-volgorde of die VSO-volgorde.

---

<sup>21</sup> Hierdie woordordes is verskillend gerangskik in die verskillende stelle.

### 3.4.1 Die volwasse Xhosa-kontrolegroep

Die volwasse Xhosa-kontrolegroep se resultate vir die sinsboutaak word weergegee in Tabel 1.

**Tabel 1. Volwasse Xhosa-kontrolegroep: Sinsboutaak (V2 vs. V3)**

Deelnemer Nommer	V2				V3				Passief	V4
	XPVOS	XPVSO	TOVS	Totaal	XPOVS	XPSVO	TOSV	Totaal		
XV01	4	4	4	12	1	4	4	9	1	0
XV02	4	0	2	6	0	4	2	6	5	0
XV03	4	0	2	6	0	4	4	8	2	3
XV04	4	0	3	7	0	4	2	6	0	0
<b>TOTAAL</b>	<b>16</b>	<b>4</b>	<b>11</b>	<b>31</b>	<b>1</b>	<b>16</b>	<b>12</b>	<b>29</b>	<b>8</b>	<b>3</b>
<b>% V2 vs. V3</b>				<b>31/60 51.7%</b>				<b>29/60 48.3%</b>		
<b>% VOS vs. VSO</b>	<b>16/20 80%</b>	<b>4/20 20%</b>								

In hoofstuk 2 (afdeling 2.1) is die bewering gemaak dat Xhosa 'n opsionaliteit toon ten opsigte van die V2- en V3-posisies van die werkwoord. Hierdie bewering word ondersteun deur die resultate vir hierdie kontrolegroep: uit die 60 relevante (d.w.s. V2- en V3-) sinne wat hierdie groep in totaal gebou het in die sinsboutaak, was 48.3% V3-sinne en 51.7% V2-sinne. Hulle het dus die werkwoord ongeveer ewe veel keer in die V2-posisie as in die V3-posisie geplaas, wat daarop dui dat hulle nie een van hierdie posisies bo die ander verkies nie. (Een deelnemer het drie keer ook die werkwoord in die vierde sinsposisie gebruik.)

Alhoewel dit aan die deelnemers duidelik gemaak is dat hulle slegs sinne moes bou met die woorde wat aan hulle verskaf is, het hierdie groep ook passiewe sinskonstruksies (soos dié in (17) hieronder) gebou. Dit dui waarskynlik daarop dat die Xhosa-moedertaaldeelnemers in sommige gevalle 'n passiewe sin bo 'n NSIHS verkies. Dit mag

wees dat NSIHS'e nie so algemeen in Xhosa gebruik word as in, byvoorbeeld, Afrikaans nie.<sup>22</sup>

- (17) *Ekhitshini*                      *iphekwa*                      *ngumama*                      *ipapa*. **(PP)**  
 in die kombuis                      dit.word gekook                      dit is.ma                      (die) pap  
 “In die kombuis word die pap deur ma gekook.”

Let ook op die feit dat hierdie kontrolegroep in die V2-sinne die OS-volgorde verkies bo die SO-volgorde. Die groep het altesaam 20 NSIHS met 'n AP of PP as NS en die werkwoord in tweede posisie gebou. Van hierdie 20 AP/PP-V2s was 16 (80%) VOSe (soos in (18a)) en slegs 4 (20%) VSOs (soos in (18b)).

- (18) a.     *NgoMvulo*                      *batya*                      *inkuku abantwana*.  
           (op) Maandae                      hulle.eet                      hoender                      (die) kinders.  
           **AP**                                      **V2**                                      **O**                                      **S**  
           “(Op) Maandae eet die kinders hoender.”
- b.     *NgoMvulo*     *batya*                      *abantwana*     *inkuku*.  
           (op) Maandae hulle.eet                      (die) kinders     hoender  
           **AP**                      **V2**                                      **S**                                      **O**

---

<sup>22</sup> Vergelyk ook in Tabel 4 die adolessente Xhosa-moedertaalsprekers se gebruik van die passiewe vorm.



Die resultate van die grammatikaliteitsoordeletaak word in Tabel 2 gegee.

**Tabel 2. Volwasse Xhosa-kontrolegroep: Grammatikaliteitsoordeletaak (V2 vs. V3)**

Deelnemer Nommer	V2				V3				Vuller n=6
	AP n=6	PP n=6	TO n=3	Totaal n=15	AP n=3	PP n=3	TO n=3	Totaal n=9	
XV01	3	3	3	9	3	3	3	9	6
XV02	3	3	3	9	3	3	2	8	5
XV03	2	3	3	8	3	3	3	9	4
XV04	4	4	3	11	3	3	3	9	6
<b>TOTAAL</b>	<b>12</b>	<b>13</b>	<b>12</b>	<b>37</b>	<b>12</b>	<b>12</b>	<b>11</b>	<b>35</b>	<b>21</b>
*%				37/60 61.7%				35/36 97.2%	

\* Aantal V2s/V3s grammatikaal beoordeel as % van totale getal V2s/V3s in taak

'n Vergelyking van Tabelle 1 en 2 dui aan dat die resultate van die grammatikaliteitsoordeletaak ooreen stem met dié van die sinsboutaak: beide V2- en V3-sinne word as grammatikaal beoordeel deur die volwasse kontrolegroep. 61.7% van die V2-sinne is as grammatikaal beoordeel (deurdat die deelnemers die “JA” langs hierdie sinne gekies het), terwyl 97.2% van die V3-sinne as grammatikaal beoordeel is. Die feit dat die persentasie aansienlik laer is vir die V2-sinne as vir die V3-sinne kan daaraan toegeskryf word dat sommige van die V2-sinne die VSO-volgorde het. Soos hierbo genoem, het die groep in die sinsboutaak slegs vier AP/PP-VSOs gebou teenoor 16 AP/PP-VOSe. Hierdie sterk voorkeur vir die VOS-volgorde word ook in die grammatikaliteitsoordeletaak gevind – sien Tabel 3: uit die 25 AP/PP-V2s wat hierdie groep as grammatikaal beoordeel het, het slegs twee (8%) die VSO-volgorde terwyl die ander 23 (92%) die VOS-volgorde het.



Tabel 4 wys dat hierdie groep, anders as die volwasse kontrolegroep, 'n V3-voorkeur toon: 62.3% van die 61 relevante (d.w.s. V2- en V3-) sinne is V3s en 37.7% is V2s. Dit is waarskynlik dat hierdie V3-voorkeur veroorsaak is deur hierdie groep se meer intensiewe blootstelling aan en gebruik van Engels (wat hulle V3 is). Hulle is almal verbonde aan 'n dubbelmedium (Afrikaans-Engelse) skool waar hulle in die Engelse T1-klasse ingedeel is en hulle dui aan dat hulle by die skool en in sosiale situasies meestal Engels en Xhosa (en selde Afrikaans) gebruik. Soos by die volwasse groep, word die werkwoord in enkele gevalle ook in die vierde sinsposisie gebruik.

Die adolessente toon 'n effens sterker voorkeur vir die gebruik van die passiewe vorm as die volwasse groep – die vier adolessente het saam 21 passiewe gebou in hierdie taak, terwyl die vier volwassenes saam agt passiewe gebou het. Soos blyk uit afdelings 3.4.3 en 3.4.4 hieronder, is dit slegs die twee Xhosa-moedertaalgroepe wat die passiewe vorm gebruik het. Daar moet egter genoem word dat die T2-leerders nog nie onderrig in die passiewe vorm in die Xhosa-klas ontvang het nie en dat dit dus die rede mag wees waarom hulle geen passiewe in die taak gebou het nie.

Die adolessente Xhosa-kontrolegroep toon dieselfde sterk voorkeur as die volwasse Xhosa-kontrolegroep vir die VOS-volgorde in die sinsboutaak: uit die 15 AP/PP-V2s wat hulle in die sinsboutaak gebou het, het 11 (73.3%) die VOS-volgorde en slegs vier (26.7%) die VSO-volgorde (soos aangedui in Tabel 4).

Die resultate van die grammatikaliteitsoordeletaak verskyn in Tabel 5 hieronder.

**Tabel 5. Adolesente Xhosa-kontrolegroep: Grammatikaliteitsoordeletaak (V2 vs. V3)**

Deelnemer Nommer	V2				V3				Vuller n=6
	AP n=6	PP n=6	TO n=3	Totaal n=15	AP n=3	PP n=3	TO n=3	Totaal n=9	
XA01	3	3	3	9	3	3	3	9	6
XA02	5	6	3	14	3	3	3	9	6
XA03	1	3	1	5	3	3	3	9	4
XA04	3	3	2	8	3	3	3	9	4
<b>TOTAAL</b>	<b>12</b>	<b>15</b>	<b>9</b>	<b>36</b>	<b>12</b>	<b>12</b>	<b>12</b>	<b>36</b>	<b>20</b>
<b>*%</b>				<b>36/60</b> <b>60%</b>				<b>36/36</b> <b>100%</b>	

\* Aantal V2s/V3s grammatikaal beoordeel as % van totale getal V2s/V3s in taak

Tabel 5 dui aan dat die adolessente, net soos die volwassenes, beide V2- en V3-sinne as aanvaarbaar beoordeel: 60% van die V2-sinne in hierdie taak is as grammatikaal beoordeel, terwyl 100% van die V3-sinne as grammatikaal beoordeel is. Die rede vir die effens laer V2-persentasie blyk hier, soos by die volwasse groep, ook die voorkeur vir die VOS-volgorde bo die VSO-volgorde te wees - sien Tabel 6 hieronder: die adolessente het in totaal 27 AP/PP-V2s as grammatikaal beoordeel, waarvan 21 (77.8%) die VOS-volgorde gehad het en slegs ses (22.2%) die VSO-volgorde.

**Tabel 6. Adollesente Xhosa-kontrolegroep: Grammatikaliteitsoordeletaak (VOS vs. VSO)**

Deelnemer Nommer	VOS			VSO		
	AP n=3	PP N=3	Totaal n=6	AP n=3	PP n=3	Totaal n=6
XA01	3	3	<b>6</b>	0	0	<b>0</b>
XA02	3	3	<b>6</b>	2	3	<b>5</b>
XA03	1	2	<b>3</b>	0	1	<b>1</b>
XA04	3	3	<b>6</b>	0	0	<b>0</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>10</b>	<b>11</b>	<b>21</b>	<b>2</b>	<b>4</b>	<b>6</b>
<b>% VOS vs. VSO</b>			<b>21/27 77.8%</b>			<b>6/27 22.2%</b>

As die resultate van die twee kontrolegroepe (volwasse en adollesente) saam beskou word, ondersteun dit die bewering wat in afdeling 2.1 gemaak is dat Xhosa 'n opsionaliteit toon ten opsigte van die V2- en V3-posisie. Verder blyk dit ook uit hierdie resultate dat T1-sprekers van Xhosa 'n baie sterk voorkeur het vir die XPVOS-volgorde bo die XPVSO-volgorde in V2-NSIHS'e.<sup>23</sup>

### 3.4.3 Die Engelse groep

Die Engelse groep het aanvanklik uit ses deelnemers bestaan, maar een deelnemer (oorspronklik E02) is, op grond van die inligting wat sy in die agtergrondvraelys verskaf het, na die Afrikaanse groep (A08) geskuif. Alhoewel sy in 'n Engels-medium hoërskool is en ook 'n Engels-medium laerskool bygewoon het, dui sy aan dat haar moedertaal Afrikaans is. Afrikaans is ook die moedertaal van haar ma en die taal wat sy as jong kind tuis gepraat het. Sy dui ook aan dat Afrikaans haar voorkeurtaal tuis en in sosiale situasies is en dat sy Engels slegs by die skool gebruik.

<sup>23</sup> Hierdie sterk voorkeur vir die VOS-volgorde by T1-sprekers van Xhosa is 'n verskynsel waarvoor ek op hierdie stadium nie 'n verklaring kan bied nie. Du Plessis & Visser (1998: 48) wys egter daarop dat die objek in Xhosa altyd volg op die ww., wat moontlik kan dien as wegspringsplek in die uitwerk van 'n verduideliking vir die verskynsel.

Die oorblywende vyf Engelse leerders se resultate vir die sinsboutaak word in Tabel 7 hieronder weergegee.

**Tabel 7. Engelse groep: Sinsboutaak (V2 vs. V3)**

Deelnemer Nommer	V2				V3				Passief	V4
	XPVOS	XPVSO	TOVS	Totaal	XPOVS	XPSVO	TOSV	Totaal		
E01	4	3	4	11	4	4	3	11	0	1
E03	0	0	2	2	0	4	3	7	0	0
E04	0	0	3	3	3	4	2	9	0	0
E05	0	0	1	1	0	4	3	7	0	4
E06	0	0	2	2	1	4	3	8	0	1
<b>TOTAAL</b>	<b>4</b>	<b>3</b>	<b>12</b>	<b>19</b>	<b>8</b>	<b>20</b>	<b>14</b>	<b>42</b>	<b>0</b>	<b>6</b>
<b>TOTAAL (-E01)</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>8</b>	<b>8</b>	<b>4</b>	<b>16</b>	<b>11</b>	<b>31</b>	<b>0</b>	<b>5</b>
% V2 vs. V3				19/61 31.1%				42/61 68.9%		
% V2 vs. V3 (-E01)				8/39 20.5%				31/39 79.5%		
% VOS vs. VSO	4/7 57.1%	3/7 42.9%								
% VOS vs. VSO (-E01)	0	0								

Tabel 7 wys dat die Engelse leerders 'n besliste voorkeur toon vir die V3-posisie in Xhosa NSIHS'e: 68.9% van die NSIHS'e wat hierdie groep gebou het, was V3-sinne en 31.1% was V2-sinne. Wanneer die deelnemers se individuele V3- en V2-totale beskou word, blyk duidelik dat elkeen (ten minste) drie tot vier keer meer V3-sinne gebou het as V2-sinne.

Een uitsondering is deelnemer E01, wat ewe veel V2- en V3-sinne gebruik het (11 van elk). Haar 11 V2-sinne verteenwoordig meer as die helfte van die totale aantal V2-sinne (19) vir die hele groep. Beide haar ouers se moedertaal is Afrikaans, sy het as jong kind

slegs Afrikaans tuis gepraat en sy dui aan dat sy Engels slegs by die skool gebruik. Nógans beskou sy Engels as haar moedertaal en het sy nog altyd Engels-medium skole bygewoon. Sy sou as 'n ten volle tweetalige deelnemer beskou kon word en daarom verdien haar individuele resultate vermelding. Indien hierdie deelnemer se prestasie in die sinsboutaak buite rekening gelaat word (sien "Totaal (-E01)"), (i) is die V2/V3-verskil nog groter sodat 79.5% van die betrokke sinne V3-sinne is terwyl slegs 20.5% V2-sinne is, en (ii) het al die V2-sinne wat hierdie groep gebou het 'n TO as die NS.<sup>24</sup>

Dit is nie moontlik om op grond van die Engelse groep se prestasie in die sinsboutaak enige afleidings te maak oor 'n moontlike voorkeur vir die VOS-volgorde of die VSO-volgorde nie. Soos hierbo genoem, behels al die V2-sinne wat hierdie groep (E01 uitgesluit) in die sinsboutaak gebou het, 'n TO as die NS. Die enigste deelnemer in hierdie groep wat wel AP/PP-V2s gebou het, was E01: sy het sewe hiervan gebou, waarvan vier VOSe was en drie VSOs. Sy toon dus nie 'n voorkeur vir een van hierdie volgordes bo die ander nie.

---

<sup>24</sup> Let daarop dat ek nie die TO-, PP- en AP-sinne afsonderlik beskou in my bespreking van enige van die vier groepe se resultate nie, omdat al die groepe hierdie drie tipes NSIHS'e eenders hanteer in albei take. Die enigste uitsondering is die feit dat die Engelse leerders se V2's almal TO-sinne is, maar ek het tans nie 'n voorstel oor die rede hiervoor nie.

Die resultate van die grammatikaliteitsoordeletaak word weergegee in Tabel 8.

**Tabel 8. Engelse groep: Grammatikaliteitsoordeletaak (V2 vs. V3)**

Deelnemer Nommer	V2				V3				Vuller n=6
	AP n=6	PP n=6	TO n=3	Totaal n=15	AP n=3	PP n=3	TO n=3	Totaal n=9	
E01	3	5	3	11	3	3	3	9	5
E03	3	1	0	4	3	3	3	9	6
E04	3	3	1	7	3	3	3	9	5
E05	1	2	0	3	3	3	3	9	5
E06	4	2	1	7	2	3	3	8	3
<b>TOTAAL</b>	<b>14</b>	<b>13</b>	<b>5</b>	<b>32</b>	<b>14</b>	<b>15</b>	<b>15</b>	<b>44</b>	<b>24</b>
<b>TOTAAL (-E01)</b>	<b>11</b>	<b>8</b>	<b>2</b>	<b>21</b>	<b>11</b>	<b>12</b>	<b>12</b>	<b>35</b>	<b>19</b>
*%				32/75 42.7%				44/45 97.8%	
*% (-E01)				21/60 35%				35/36 97.2%	

\* Aantal V2s/V3s grammatikaal beoordeel as % van totale getal V2s/V3s in taak

Die Engelse groep (E01 ingesluit) het 42.7% van die V2-sinne in hierdie taak as grammatikaal beoordeel teenoor 97.8% van die V3-sinne. Wanneer deelnemer E01 se prestasie hier buite rekening gelaat word (sien “Totaal (-E01)”), word die V2/V3-verskil nog groter sodat die groep dan 35% van die V2-sinne teenoor 97.2% van die V3-sinne grammatikaal beoordeel het. Die Engelse groep toon dus ‘n definitiewe voorkeur vir V3-sinne. Alhoewel die Engelse groep (E01 ingesluit), net soos die twee kontrolegroepe, soms V2-sinne gebou en as grammatikaal aanvaar het, wys Tabel 9 dat hulle nie die kontrolegroep se sterk voorkeur vir VOS-V2s bo VSO-V2s deel nie. Hierdie Engelse groep het altesaam 27 AP/PP-V2s as grammatikaal aanvaar waarvan 15 (55.6%) VSOs was en 12 (44.4%) VOSe.<sup>25</sup>

<sup>25</sup> As E01 se prestasie buite rekening gelaat word, toon die groep selfs ‘n VSO-voorkeur: sonder hierdie deelnemer het die groep 19 AP/PP-V2s as grammatikaal aanvaar, waarvan 12 (63.2%) VSOs was en sewe (36.8%) VOSe.



**Tabel 9. Engelse groep: Grammatikaliteitsoordeletaak (VOS vs. VSO)**

Deelnemer Nommer	VOS			VSO		
	AP n=3	PP n=3	Totaal n=6	AP n=3	PP n=3	Totaal n=6
E01	2	3	5	1	2	3
E03	0	1	1	3	0	3
E04	2	2	4	1	1	2
E05	0	1	1	1	1	2
E06	1	0	1	3	2	5
<b>TOTAAL</b>	<b>5</b>	<b>7</b>	<b>12</b>	<b>9</b>	<b>6</b>	<b>15</b>
<b>TOT. (-E01)</b>	<b>3</b>	<b>4</b>	<b>7</b>	<b>8</b>	<b>4</b>	<b>12</b>
<b>%VOS vs. VSO</b>			<b>12/27</b> <b>44.4%</b>			<b>15/27</b> <b>55.6%</b>
<b>%VOS vs. VSO (-E01)</b>			<b>7/19</b> <b>36.8%</b>			<b>12/19</b> <b>63.2%</b>

### 3.4.4 Die Afrikaanse groep

Die agt deelnemers van die Afrikaanse groep het ook interessante kombinasies van veeltalige agtergronde getoon. Deelnemer A01 het Afrikaans as haar moedertaal aangedui, maar haar vader is Xhosa-sprekend en sy is reeds 15 jaar aan Xhosa blootgestel. Alhoewel sy 'n sterk Afrikaanse agtergrond en skoolopleiding het, kan sy nie as 'n beginnerleerder van Xhosa beskou word vir die doeleindes van hierdie ondersoek nie en is haar resultate daarom buite rekening gelaat.

Deelnemer A02 het as jong kind, tot op nege-jarige ouderdom, Zoeloe tuis gepraat saam met Afrikaans. Sy beweer dat haar eerste woorde Zoeloe was en beoordeel haar Zoeloe-taalvaardighede (veral praat- en luistervaardighede) as gevorderd. Alhoewel sy slegs die afgelope drie jaar Xhosa as 'n addisionele taal neem, reken sy dat haar blootstelling aan Xhosa buite die klaskamer ongeveer vyf ure per week beloop. Dit wil voorkom asof sy gereeld gesprekke in Xhosa voer (buite skoolverband) en die onderwyseres beskryf haar praatvaardighede in Xhosa as "bykans vlot". Dit is debatteerbaar of sy as 'n

beginnerleerder van Xhosa beskou kan word, in die lig van die feit dat Xhosa en Zoeloe beide Nguni-tale is wat grammatikaal 'n noue verwantskap toon. Wolff (2000: 300-301) is selfs van mening dat Zoeloe en Xhosa, linguisties beskou, as twee dialekte van een taal, nl. Nguni, beskou kan word.<sup>26</sup> Op grond hiervan, het ek die resultate vir die Afrikaanse groep beskou met en sonder deelnemer A02 se bydraes: die weglating of invoeging van haar data het egter geen werklike invloed op hierdie groep se resultate gehad nie. Wanneer A02 se prestasie in die sinsboutaak byvoorbeeld buite rekening gelaat word toon die groep se V2- en V3-persentasies slegs geringe veranderinge: vir V3-sinne verander die persentasie van 54.2% na 49.2% en vir V2-sinne verander die persentasie van 45.2% na 50.8%.<sup>27</sup>

---

<sup>26</sup> Wolff (2000: 301) argumenteer dat Xhosa en Zoeloe slegs as aparte tale beskou word op grond van etniese, sosiale, historiese en politieke motiverings.

<sup>27</sup> Deelnemers A02 en A08 (voorheen E02 – sien bespreking aan begin van afdeling 3.4.3 hierbo) se prestasie verskil wel in een opsig van die ander Afrikaanse deelnemers se prestasie: hulle toon 'n voorkeur vir V3-sinne. Vergelyk hulle individuele totale (in Tabel 10) vir die aantal V3- en V2-sinne in die sinsboutaak: beide het slegs een V2-sin gebou terwyl A02 agt V3-sinne en A08 ses V3-sinne gebou het. Die res van die Afrikaanse deelnemers se V3-totale verskil nie op hierdie manier van hulle V2-totale nie. Deelnemer A08 se V3-voorkeur kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat sy in 'n Engelse skool is. Ek is onseker waarom A02 'n voorkeur vir V3-sinne toon, maar 'n ondersoek na moontlike oorsake val buite die bereik van hierdie studie.

Tabel 10 dui die Afrikaanse groep se resultate vir die sinsboutaak aan.

**Tabel 10. Afrikaanse groep: Sinsboutaak (V2 vs. V3)**

Deelnemer Nommer	V2				V3				Passief	V4
	XPVOS	XPVSO	TOVS	Totaal	XPOVS	XPSVO	TOSV	Totaal		
A02	1	0	0	<b>1</b>	0	4	4	<b>8</b>	0	2
A03	0	3	2	<b>5</b>	1	4	2	<b>7</b>	0	0
A04	0	3	2	<b>5</b>	0	3	1	<b>4</b>	0	0
A05	0	4	3	<b>7</b>	2	0	1	<b>3</b>	0	0
A06	0	3	3	<b>6</b>	0	2	1	<b>3</b>	0	0
A07	1	3	4	<b>8</b>	2	4	2	<b>8</b>	0	2
A08	0	1	0	<b>1</b>	1	3	2	<b>6</b>	0	1
<b>TOTAAL</b>	<b>2</b>	<b>17</b>	<b>14</b>	<b>33</b>	<b>6</b>	<b>20</b>	<b>13</b>	<b>39</b>	<b>0</b>	<b>5</b>
% V2 vs. V3				<b>33/72</b> <b>45.8%</b>				<b>39/72</b> <b>54.2%</b>		
% VOS vs. VSO	<b>2/19</b> <b>10.5%</b>	<b>17/19</b> <b>89.5%</b>								

Die Afrikaanse groep het in totaal 72 V2/V3- sinne gebou, waarvan 54.2% V3-sinne was en 45.8% V2-sinne. Die groep toon dus dieselfde V2/V3-opsionaliteit wat die twee kontrolegroepe getoon het. Die Afrikaanse groep se prestasie in die sinsboutaak dui ook op 'n sterk voorkeur vir die VSO-volgorde: die groep het 19 AP/PP-V2s gebou in die sinsboutaak, waarvan 17 (89.5%) VSOs is en slegs twee (10.5%) VOSe.

Tabel 11 dui die Afrikaanse groep se resultate vir die grammatikaliteitsoordeletaak aan.

**Tabel 11. Afrikaanse groep: Grammatikaliteitsoordeletaak (V2 vs. V3)**

Deelnemer Nommer	V2				V3				Vuller n=6
	AP n=6	PP n=6	TO n=3	Totaal n=15	AP n=3	PP n=3	TO n=3	Totaal n=9	
A02	1	1	3	5	3	3	2	8	6
A03	3	3	2	8	2	3	2	7	6
A04	3	2	2	7	3	3	2	8	6
A05	3	2	0	5	0	1	2	3	4
A06	4	3	1	8	2	2	2	6	5
A07	3	3	2	8	3	3	3	9	5
A08	2	3	0	5	3	2	3	8	5
<b>TOTAAL</b>	<b>19</b>	<b>17</b>	<b>10</b>	<b>46</b>	<b>16</b>	<b>17</b>	<b>16</b>	<b>49</b>	<b>37</b>
<b>*%</b>				<b>46/105</b> <b>43.8%</b>				<b>49/63</b> <b>77.8%</b>	

\* Aantal V2s/V3s grammatikaal beoordeel as % van totale getal V2s/V3s in taak

In die grammatikaliteitsoordeletaak het die Afrikaanse groep 43.8% van die V2-sinne en 77.8% van die V3-sinne as grammatikaal aanvaar. Daar moet egter, soos by al die ander groepe, in ag geneem word dat die V2-sinne VOS-sinne en VSO-sinne insluit. Tabel 12 wys dat die Afrikaanse groep, net soos in die sinsboutaak, ook in die grammatikaliteitsoordeletaak 'n sterk VSO-voorkeur toon. Hierdie groep het 36 AP/PP-V2s as grammatikaal aanvaar, waarvan 33 (91.7%) die VSO-volgorde het en slegs drie (8.3%) die VOS-volgorde.

**Tabel 12. Afrikaanse groep: Grammatikaliteitsoordeletaak (VOS vs. VSO)**

Deelnemer Nommer	VOS			VSO		
	AP n=3	PP n=3	Totaal n=6	AP n=3	PP n=3	Totaal n=6
A02	0	1	<b>1</b>	1	0	<b>1</b>
A03	0	0	<b>0</b>	3	3	<b>6</b>
A04	0	0	<b>0</b>	3	2	<b>5</b>
A05	0	0	<b>0</b>	3	2	<b>5</b>
A06	1	0	<b>1</b>	3	3	<b>6</b>
A07	0	1	<b>1</b>	3	2	<b>5</b>
A08	0	0	<b>0</b>	2	3	<b>5</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>	<b>18</b>	<b>15</b>	<b>33</b>
<b>% VOS vs. VSO</b>			<b>3/36 8.3%</b>			<b>33/36 91.7%</b>

### 3.5 Samevatting

Om die verskillende groepe se voorkeur vir die V2- en/of V3-volgorde te vergelyk, word al die groepsresultate in Tabel 13 saamgevat.

**Tabel 13. Groepsresultate uitgedruk as persentasies: V2/V3-voorkeur vir beide take**

GROEP	SINSBOUTAAK		GRAMMATKALITEITS- OORDELETAAK		GEVOLGTREKKING
	V2	V3	V2	V3	
<b>Xhosa Volwassnes</b>	31/60 (51.7%)	29/60 (48.3%)	37/60 (61.7%)	35/36 (97.2%)	V2/V3-OPSIONALITEIT
<b>Xhosa Adolesseente</b>	23/61 (37.7%)	38/61 (62.3%)	36/60 (60%)	36/36 (100%)	V2/V3-OPSIONALITEIT
<b>Eng. (+E01)</b>	19/61 (31.1%)	<b>42/61 (68.9%)</b>	32/75 (42.7%)	44/45 (97.8%)	V3- VOORKEUR
<b>Eng. (-E01)</b>	8/39 (20.5%)	<b>31/39 (79.5%)</b>	21/60 (35%)	35/36 (97.2%)	V3- VOORKEUR
<b>Afr.</b>	33/72 (45.8%)	39/72 (54.2%)	46/105 (43.8%)	49/63 (77.8%)	V2/V3- OPSIONALITEIT

Tabel 13 wys dat die volwasse Xhosa-groep sowel as die Afrikaanse groep 'n V2/V3-opsionaliteit toon in die sinsboutaak. Die adolessente Xhosa-groep se effense hoër gebruik van die V3-volgorde in die sinsboutaak is reeds in afdeling 3.4.2 bespreek. In teenstelling met al die ander groepe, toon die Engelse groep 'n duidelike V3-voorkeur in die sinsboutaak.

Die resultate vir die grammatikaliteitsoordeletaak dui met die eerste oogopslag aan dat al die groepe die V3-volgorde bo die V2-volgorde verkies. Daar moet egter in gedagte gehou word dat, van al die V2-sinne wat deelnemers moes beoordeel in hierdie taak, een helfte die VOS-volgorde gehad het en die ander helfte die VSO-volgorde. Soos in afdelings 3.4.1 tot 3.4.4 bespreek is, het verdere ontleding van die V2-resultate aangedui dat sommige groepe (die twee Xhosa groepe en die Afrikaanse groep) 'n voorkeur vir een van die bogenoemde V2-volgordes toon wat verklaar hoekom hulle V2-persentasies laer is as hulle V3-persentasies. Wanneer hierdie addisionele onderskeid (V2-VOSe vs. V2-VSOs) in ag geneem word, is dit duidelik dat die resultate van die grammatikaliteitsoordeletaak met dié van die sinsboutaak ooreenstem: slegs die Engelse groep toon 'n V3-voorkeur; die ander drie groepe toon almal 'n V2/V3-opsionaliteit (verbloem deur die feit dat hulle 'n sterk voorkeur vir óf die VSO-V2s óf die VOS-V2s het). In Tabel 14 word die verskillende groepe se VOS-/VSO-voorkeure vir die twee take weergegee.

**Tabel 14. Groepsresultate uitgedruk as persentasies: VOS/VSO-voorkeur vir beide take**

	SINSBOUTAAK		GRAMMATIKALITEITS- OORDELETAAK		GEVOLGTREKKING
	VOS	VSO	VOS	VSO	
<b>Xhosa: Volwassenes</b>	16/20 (80%)	4/20 (20%)	23/25 (92%)	2/25 (8%)	VOS VOORKEUR
<b>Xhosa: Adolesente</b>	11/15 (73.3%)	4/15 (26.7%)	21/27 (77.8%)	6/27 (22.2%)	VOS VOORKEUR
<b>Eng. (+E01)</b>	4/7 (57.1%)	3/7 (42.9%)	12/27 (44.4%)	15/27 (55.6%)	??
<b>Eng. (-E01)</b>	0	0	7/19 (36.8%)	12/19 (63.2%)	??
<b>Afr.</b>	2/19 (10.5%)	17/19 (89.5%)	3/36 (8.3%)	33/36 (91.7%)	VSO VOORKEUR

In beide take toon die twee Xhosa-kontrolegroepe 'n sterk voorkeur vir die VOS-volgorde, terwyl die Afrikaanse groep 'n sterk voorkeur vir die VSO-volgorde toon. Hierteenoor toon die Engelse groep (E01 ingesluit) geen definitiewe voorkeur vir óf die VOS- óf die VSO-volgorde in enige een van die take nie. Met E01 buite rekening gelaat, het hierdie groep geen V2-sinne met die VOS- of VSO-volgorde vir die sinsboutaak gebou nie, wat weer eens aandui dat hulle die V3-volgorde verkies (vergelyk Tabel 13). As E01 se prestasie buite rekening gelaat word by die grammatikaliteitsoordeletaak, toon hierdie groep 'n VSO-voorkeur, maar dit is te betwyfel of hierdie voorkeur enigsins betekenisvol is: wat beteken dit as 'n groep V2s ongrammatikaal vind, maar in die klein aantal gevalle waarin hulle wel V2s aanvaar, 'n voorkeur vir een volgorde (VSO) bo 'n ander (VOS) toon? Ek volstaan dus daarby dat die resultate van die Engelse groep (met en sonder E01) samevattend vir die twee take op 'n sterk V3-voorkeur dui.

In die volgende hoofstuk bespreek ek die moontlike implikasies van hierdie ondersoek se resultate vir (i) hipoteses oor T1-oordrag in die aanvanklike stadium van T2-verwerking en (ii) T2-onderdig in 'n veeltalige land soos Suid-Afrika.

## HOOFSTUK 4

### SLOT

Soos uiteengesit in Hoofstuk 1 was die doel van hierdie ondersoek, waaroor daar in die vorige hoofstuk verslag gelewer is, om die waarde van die V2-parameter in die IT-grammatikas van, onderskeidelik, Engelssprekende en Afrikaanssprekende beginnerleerders van Xhosa, vas te stel. Die werkshiptese was dat T1-oordrag wel plaasvind in die aanvanklike stadia van T2-verwerwing en dat Engelse leerders dus die [-V2]-waarde van hul T1 sou oordra na hul IT-grammatika vir Xhosa terwyl die Afrikaanse leerders die [+V2]-waarde van hul T1 sou oordra. Twee take – ‘n sinsboudaak en ‘n grammatikaliteitsoordeeltaak - is ontwerp om beginnerleerders se produksie en intuïsie van Xhosa op grond van hul plasing van die werkwoord in NSIHS’e, te ondersoek.

In die vorige hoofstuk is die resultate van die ondersoek weergegee in terme van die verskillende groepe se prestasie in die twee take. In hierdie slothoofstuk word hoofsaaklik twee vrae aangespreek, naamlik (i) of die resultate van die ondersoek (soos uiteengesit in die vorige hoofstuk) bewyse lewer vir of teen T1-oordrag in die beginstadium van T2-verwerwing en (ii) wat die moontlike implikasies van die resultate is vir die T2-onderrig van Xhosa in ‘n veeltalige omgewing.

#### 4.1 Bewyse van T1-oordrag

Die data wat deur middel van die twee take ingesamel is, lewer bewyse dat beide leerdergroepe se T1 ‘n invloed het in hul T2-verwerwing van Xhosa, aangesien daar duidelike verskille is tussen die Afrikaanse en Engelse groepe se prestasie in die twee take. Die Engelse groep se sterk voorkeur vir die V3-NSIHS’e dui op die oordrag van die [-V2]-waarde van Engels na die IT-grammatika.



Die Afrikaanse groep, daarenteen, toon 'n V2/V3-opsionaliteit by NSIHS'e, wat ooreenstem met die Xhosa-kontrolegroepe se prestasie (vergelyk weer Tabel 13). 'n Mens sou kon redeneer dat hierdie ooreenstemming aandui dat die Afrikaanse leerders reeds kennis van werkwoordplasing in die T2 (Xhosa) het. Die twee groepe se verskillende voorkeure wat die VOS/VSO-volgorde in V2-NSIHS'e betref, lewer egter bewyse teen hierdie gevolgtrekking: die Afrikaanse groep het 'n sterk voorkeur vir VSO-V2s terwyl die Xhosa groep(e) 'n sterk voorkeur het vir VOS-V2s. Hierdie verskil tussen die twee groepe dui daarop dat hulle eenderse gedrag in die twee take, wat betref die V2/V3-opsionaliteit, waarskynlik nie veroorsaak word deur eenderse onderliggende grammatikas nie. Die VSO-volgorde wat die Afrikaanse groep verkies, stem ooreen met die grammatikale woordorde vir Afrikaanse NSIHS'e (waarin 'n AP of PP die NS is) soos aangedui in (19) hieronder.

- (19) a. *Elke Maandag eet die kinders hoender.*  
           **AP**          **V**          **S**          **O**
- b. *In die kombuis kook ons pap.*  
           **PP**          **V**          **S**          **O**

Die Afrikaanse groep se VSO-voorkeur kan dus dui op oordrag vanaf hul T1. Dit sou verklaar hoekom hierdie leerders VSO-V2s bou en as grammatikaal aanvaar. Die volgende vraag is dan hoekom hulle ook V3s as grammatikaal aanvaar, aangesien Afrikaans 'n [+V2]-taal is. Ek wil voorstel dat die groep se V2/V3-opsionaliteit die gevolg is van 'n kombinasie van T1-oordrag (vanaf [+V2] Afrikaans) en T2-oordrag (vanaf [-V2] Engels) in hul T3-verwerwing van Xhosa, aangesien die Afrikaanse leerders almal vaardige T2-sprekers van Engels is (soos aangedui op hulle agtergrondvraelyste). Bohnacker (2004) verwys ook na die moontlike oordrag van 'n T2-parameterwaarde as 'n verklaring vir die skynbaar "moeilike" T3-verwerwing van die [+V2]-waarde (sien afdeling 2.3).

Let daarop dat Bohnacker verskil van navorsers soos, onder andere, Clahsen & Muysken (1986) wat beweer dat daar 'n universele roete van T2-verwerwing bestaan en dat alle T2(/T3)-leerders, ongeag hul T1 (en T2), begin met die (basiese) SVO-volgorde. Soos in Hoofstuk 2 verduidelik is, resorteer sienings soos hierdie onder die Geen Oordrag-hipotese. Navorsers wat hierdie hipotese ondersteun sou aanvoer dat die resultate van die huidige ondersoek bewyse bied daarvoor dat alle T2-leerders met 'n [-V2]-waarde begin, aangesien die Engelssprekende sowel as die Afrikaanssprekende leerders V3-NSIHS'e as grammatikaal aanvaar. Hierdie hipotese sou egter nie kon verklaar waarom die twee groepe verskillend presteer op die take of waarom slegs die Afrikaanse groep ook V2-NSIHS'e as grammatikaal aanvaar nie.

As aanvaar word dat 'n kombinasie van T1- en T2-oordrag in T3-verwerwing (in ooreenstemming met Bohnacker se voorstel) die oorsaak is van 'n V2/V3-opsionaliteit in die Afrikaanse groep se prestasie, ontstaan die vraag hoekom die Engelse groep nie ook 'n V2/V3-opsionaliteit toon nie, aangesien [+V2] Afrikaans vir die meeste van hulle 'n T2 is. Myns insiens ontbreek daar by die Engelse leerders die sterk motivering om Afrikaans as T2 te gebruik, terwyl die motivering om Engels as T2 te gebruik baie sterk is vir die Afrikaanse leerders.

Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners het oorfloedige blootstelling aan Engels via die media. Daarteenoor word Afrikaans, soos die ander inheemse tale, in Suid-Afrika dikwels ondergeskik gestel aan Engels omdat Engels beskou word as 'n internasionale taal en 'n simbool van geleerdheid (en dus status). Parmegiani (2008: 121) verwys ook na Engels as "a precondition for professional employment" in die Suid-Afrikaanse opset. Verder het die meeste leerders in die Engelse groep 'n Afrikaanse agtergrond, maar wil hulle as T1-sprekers van Engels beskou word.<sup>28</sup> Dit is 'n algemene verskynsel in Suid-Afrika vir sommige kultuurgroepe om aan hulle kinders ten alle koste 'n Engelse skoolopleiding te gee: "...native speakers of African languages [lees: inheemse tale, insluitend Afrikaans – SL] resisting mother tongue instruction and going out of their way to send their children to monolingual English medium schools in order to make them as 'native' in

---

<sup>28</sup> Vergelyk afdeling 3.1.

English as possible” (Parmegiani 2008: 121). Dyers (2008: 60) verwys ook na Afrikaanssprekende graad 9-leerders aan ‘n skool op die Kaapse Vlakte wat Engels beskou as hul sleutel tot beter werksgeleenthede, ‘n lewe buite die “township”, kommunikasie met anderstaliges en, oor die algemeen, ‘n suksesvolle lewe. Ek wil voorstel dat hierdie verhewe status van Engels bo die inheemse Afrikatale, en spesifiek bo Afrikaans, daartoe lei dat Afrikaanssprekende T2-leerders van Engels baie meer gebruik maak van hulle T2 as wat die geval is met Engelssprekende T2-leerders van Afrikaans en dit het tot gevolg dat T2-oordrag van Engels baie meer waarskynlik is as T2-oordrag van Afrikaans.

Alhoewel die bogenoemde poging om die verskille tussen die Afrikaanse en Engelse groepe se prestasie te verklaar weliswaar spekulatief is, bly staan die feit dat hierdie groepe verskillend presteer het in die twee take, en dat die mees waarskynlike oorsaak hiervan verskille tussen die twee groepe se onderliggende IT-grammatikas blyk te wees. Op hierdie manier bied die resultate van die ondersoek ondersteuning vir die Volledige Oordrag-hipotese.

#### **4.2 Implikasies vir T2-onderrig binne die veeltalige Suid-Afrikaanse opset**

Uit die bespreking van die deelnemers se taalagtergronde in afdeling 3.1 behoort dit duidelik te wees watter groot mate van variasie daar in hierdie verband binne een klaskamer kan bestaan. Deelnemers A01, A08 (aanvanklik E02) en E01 (sien afdelings 3.4.3 en 3.4.4) se taalagtergronde illustreer hoe gekompliseerd die konsep van ‘T1’ binne die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing is. Selfs die adolessente Xhosa-groep, wat Xhosa as hul eerste taal verwerf het, se effens hoër voorkeur vir die V3-volgorde teenoor die V2/V3-opsionaliteit wat die volwasse Xhosa-groep toon, is ‘n voorbeeld van die kompleksiteit waarmee die Xhosa-onderwyser elke dag gekonfronteer word. Binne een lesuur moet die onderwyseres leerders akkommodeer wat, onderskeidelik, Afrikaans, Engels en Xhosa as hul T1 (en verskeie ander tale as T2) het. Hierdie diverse taalagtergronde maak haar taak, om alle leerders met hul individuele behoeftes en eise te akkommodeer, besonder ingewikkeld. Volgens die Geen Oordrag-hipotese behoort T2-

onderrig in 'n veeltalige samelewing weinig probleme op te lewer aangesien T2-leerders van verskillende T1-agtergronde dieselfde ontwikkelingsroete sou volg. Hierdie ondersoek het egter getoon dat T1- en moontlik selfs T2-oordrag wel plaasvind en dat T2-leerders van Xhosa met verskillende taalagtergronde dus noodwendig verskillende ontwikkelingsroetes sal volg, wat individuele leerders se behoeftes steeds meer uiteenlopend maak.

Buiten veeltaligheid, toon hierdie leerders ook verskillende vlakke van vaardigheid in Xhosa as addisionele taal. Vergelyk byvoorbeeld 'n Xhosaspreekende adolessent se vaardigheid in die taal (na 16 jaar se blootstelling) met dié van 'n leerder wat vir die eerste keer Xhosa-onderrig ontvang. Die ideale klaskamersituasie is een waarin leerders met dieselfde T1-agtergrond en op dieselfde T2-vaardigheidsvlak in kleiner, meer homogene groepe geakkommodeer kan word. Daarmee saam sou dit ook ideaal wees indien alle tale dieselfde status binne die onderwysstelsel kon geniet, sodat T1-sprekers van byvoorbeeld Xhosa, soos die adolessente Xhosa-groep in hierdie ondersoek, vroeër reeds blootstelling aan hul moedertaal as akademiese vak sou kon kry in 'n laerskool van hul keuse.

Hierdie ideale scenario sou egter slegs haalbaar wees as daar 'n aanvraag is vir moedertaalonderrig by alle taalgroepe. Solank moedertaalsprekers van inheemse tale hulle taal as ondergeskik aan Engels beskou, sal dit net 'n ideaal bly. Parmegiani (2008: 121) beskou die verhoging van inheemse moedertale se markwaarde as een helfte van die oplossing tot gelyke status vir alle tale. Die res van die oplossing behels, volgens hom, 'n verskuiwing vanaf die siening dat 'n taal net "behoort" aan die groep wat dit as 'n moedertaal erf na die siening dat 'n taal "behoort" aan enigeen wat dit suksesvol aangeleer het en kan gebruik (Parmegiani 2008: 110). Hy voeg by: "...the best way to learn an additional language is by building on the mother tongue..." (Parmegiani 2008: 121-2). Daar is egter ook ander faktore wat suksesvolle T2-verwerwing (en selfs T1-verwerwing) kan strem, soos armoede en die persepsie van sosiale stand, waarna Dyers (2008: 67-68) in haar artikel verwys.

Uit 'n teoretiese oogpunt het hierdie ondersoek die weg gebaan vir verdere navorsing oor die T2-verwerwing van Xhosa ('n onderwerp waarvoor daar tot op hierdie stadium weinig navorsing gedoen is binne die generatiewe raamwerk) met spesifieke verwysing na T1-oordrag. Vanuit 'n praktiese perspektief is ek van mening dat hierdie ondersoek 'n insiggewende blik gebied het op 'n hedendaagse T2-klaskamer binne die veeltalige Suid-Afrikaanse opset – 'n blik wat hopelik 'n bewussyn sal kweek vir die uitdagings waarmee die T2-onderwyser gekonfronteer word en wat veral van waarde kan wees by die opstel van die kurrikulum vir T2 Xhosa-onderrig.

Verdere navorsing wat sou kon voortbou op hierdie ondersoek, sluit die volgende in:

- (i) 'n ondersoek na die vordering (ten opsigte van T2-vaardighede) van hierdie deelnemers teen die einde van graad 12;
- (ii) 'n vergelykende ondersoek na die prestasie van volwasse Engelssprekende en/of Afrikaanssprekende T2-leerders van Xhosa (met behulp van dieselfde twee take);
- (iii) 'n indringende ondersoek na die uitdagings waarmee T2-onderwysers in Suid-Afrika te make het; en
- (iv) 'n ondersoek na die strategieë wat T2-onderwysers tans toepas om hierdie uitdagings aan te spreek, asook die ontwikkeling van verdere strategieë wat moontlik kan lei tot groter sukses..

'n Lewensvatbare bloudruk vir suksesvolle T2-verwerwing in die veeltalige Suid-Afrikaanse samelewing sal uiteraard baie uitdagings moet aanspreek, maar die herstrukturering van die T2-klaskamer mag 'n stap in die regte rigting wees.

## BIBLIOGRAFIE

- Bohnacker, U. 2004. Is V2 really that hard to acquire for second language learners? On current universalist L2 claims and their empirical underpinnings. *Working papers in Scandinavian syntax* 74: 43 - 79.
- Botha, M. & J. Oosthuizen. Om te verskyn. Die struktuur van die linker-sinsgrens in Afrikaans. *Stellenbosch Papers in Linguistics (SPIL) PLUS*.
- Chomsky, N. 1995. *The Minimalist Program*. Cambridge, USA: MIT Press.
- Clahsen, H. en P. Muysken. 1986. The availability of universal grammar to adult and child learners: A study of the acquisition of German word order. *Second Language Research* 2: 93 – 119.
- Conradie, S. 2005. Verb movement parameters in Afrikaans: Investigating the Full Transfer Full Access hypothesis. Ph.D.-tesis. Montreal: McGill Universiteit.
- Conradie, S. 2006. Investigating the acquisition of the Split-IP parameter and the V2 parameter in second language Afrikaans. *Second Language Research* 22 (1): 64 – 94.
- Dyers, C. 2008. Language shift or maintenance? Factors determining the use of Afrikaans among some township youth in South Africa. *SPIL* 38: 49 - 72
- Du Plessis, J.A. en M. Visser. 1998. Isintaksi YesiXhosa: Xhosa Syntax. *Stellenbosch Communications in African Languages* 7. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Håkansson, G., M. Pienemann en S. Sayehli. 2002. Transfer and typological proximity in the context of second language processing. *Second Language Research* 18 (3): 250 – 273.

- Hornstein, N., J. Nunes en K. K. Grohmann. 2005. *Understanding Minimalism*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Kirsch, B., S. Skorge en S. Magona. 2002. *Kliek met Xhosa*. Kaapstad: David Philip Uitgewers.
- Matthews, P.H. 2005. *The concise Oxford dictionary of linguistics*. Oxford: Oxford University Press.
- O'Grady, W., M. Dobrovolsky en F. Katamba (redd.). 1997. *Contemporary linguistics. An introduction*. Derde uitgawe. London en New York: Longman.
- Parmegiani, A. 2008. Language ownership in multilingual settings: Exploring attitudes among students entering the University of KwaZulu-Natal through the access program. *SPIL* 38: 107 – 124.
- Robertson, D. en A. Sorace. 1999. Losing the V2 constraint. In E. Klein en G. Martohardjono (redd.). 1999. *The development of second language grammars: a generative approach* : 317 – 361. Amsterdam: John Benjamins.
- Schwartz, B.D. en R.A. Sprouse. 1994. Word order and nominative case in nonnative language acquisition: a longitudinal study of (L1 Turkish) German interlanguage. In T. Hoekstra en B.D. Schwartz (redd.) *Language acquisition studies is generative grammar*: 317-368. Amsterdam: John Benjamins.
- Schwartz, B.D. en R.A. Sprouse. 1996. L2 cognitive states and the Full Transfer/ Full Access model. *Second Language Research* 12 (1): 40 – 72.
- Scovel, T. 2000. A critical review of the critical period research. *Annual Review of Applied Linguistics* 20: 213 – 223.

Trahey, M. en L. White. 1993. Positive evidence and preemption in the second language classroom. *Studies in Second Language Acquisition* 15: 181 – 204.

White, L. 1990/1991. The verb-movement parameter in second language acquisition. *Language acquisition* 1: 337 – 360.

Wolff, H.E. 2000. Language and society. In B. Heine en D. Nurse (redd.). 2000. *African languages. An introduction*: 298 – 347. Cambridge: Cambridge University Press.



## BYLAAG 1

**Nota:** Hierdie bylaag bevat 'n Afrikaanse weergawe van die agtergrondvraelys wat elke deelnemer voltooi het. Let daarop dat afdeling D (Tweedetaal: Xhosa) nie ingesluit was in die vraelys wat die volwasse Xhosa-kontrolegroep moes voltooi nie.

### AGTERGRONDVRAELYS

(sien afdeling 3.3)

**Alle inligting op hierdie vraelys sal as streng vertroulik hanteer word**

#### A. Persoonlike inligting

- Van: \_\_\_\_\_  
Voornaam: \_\_\_\_\_
- Telefoonnommer: \_\_\_\_\_ Beste tyd om te kontak: \_\_\_\_\_
- Adres: \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_
- E-pos: \_\_\_\_\_
- Geslag:        Manlik \_\_\_\_    Vroulik \_\_\_\_
- Geboortedatum: \_\_\_\_\_
- Geboorteplek: Stad \_\_\_\_\_ Land \_\_\_\_\_
- Indien jy nie in Suid-Afrika gebore is nie, hoe lank bly al hier?  
\_\_\_\_\_

#### B. Eerstetaal ( Moedertaal)

Wat is jou eerstetaal? \_\_\_\_\_

Wat is die eerstetaal van jou : ma? \_\_\_\_\_ pa?: \_\_\_\_\_

Watter taal(e) het jy as jong kind by die huis gepraat? \_\_\_\_\_

Is jou eerstetaal ook die taal waarin jy die gemaklikste voel? Ja \_\_\_\_\_ Nee \_\_\_\_\_

Indien jy hierbo “nee” geantwoord het, verduidelik asseblief:

---



---

### C. Skoolopleiding en Taalgebruik

In watter taal(e) het jy tot dusver jou skoolopleiding ontvang? Waar (stad – land)?

Laerskool \_\_\_\_\_

Hoërskool \_\_\_\_\_

Watter taal(e) gebruik jy:

<b>By die huis</b>	
<b>In sosiale situasies</b>	
<b>By die skool</b>	

### D. Tweedetaal: Xhosa

Hoe lank is jy reeds blootgestel aan Xhosa?

---

Vir hoe lank ontvang jy al onderrig in Xhosa as tweedetaal?

---

Ongeveer hoeveel ure per week gebruik jy Xhosa buite die klaskamer?

---

Ongeveer hoeveel ure per week is jy blootgestel aan Xhosa buite die klaskamer? \_\_\_\_\_

Maak jy gebruik van enige ander hulpmiddele om Xhosa aan te leer (bv. handboeke, opvoedkundige videos of bandopnames, televisie, ekstra klasse)? Indien wel, spesifiseer asseblief:

---



---

**E. Beoordeel asseblief jou taalvaardighede in Xhosa asook in alle ander tale wat jy ken ( bv. Engels, Frans, Duits) buiten jou moedertaal:**

(Gebruik die volgende afkortings: S=swak ; G= gemiddeld; V= gevorderd; BM=byna moedertaalstandaard.)

	Xhosa	_____	_____	_____	_____
Lees					
Skryf					
Praat					
Luister					
Algemene Taalvaardigheid					

**Baie dankie vir jou tyd!**

## **BYLAAG 2**

**Nota:** Hierdie bylaag bevat 'n Afrikaanse weergawe van die toestemmingsbrief wat die graad 10-deelnemers en hul ouers moes onderteken.

### **TOESTEMMINGSBRIEF**

**(sien afdeling 3.3)**

Geagte Leerling en Ouer

#### **DEELNAME AAN STUDIE OOR TWEETAALVERWERWING**

Ek is tans besig met 'n Meestersgraad in Taalwetenskap by die Departement Algemene Taalwetenskap van die Universiteit van Stellenbosch. As deel van die Meestersgraad, doen ek navorsing oor die tweetaalverwerwing van Xhosa deur Afrikaanssprekende en Engelssprekende hoërskoolleerlinge. Ek stel belang in tweetaalleerders se intuïesies ("gut feelings") oor sekere eienskappe van Xhosa. Om data in te samel vir hierdie navorsing, benodig ek leerlinge wat bereid sou wees om eenmalig vir ±45 minute (in totaal) twee kort take te voltooi. Vir die eerste taak vra ek dat leerlinge 'n lys van Xhosa sinne deurlees en eenvoudig aandui watter van die sinne volgens hulle aanvaarbare/moontlike sinne in Xhosa is en watter nie. Vir die tweede taak gee ek vir die leerlinge stelle van Xhosa woorde en vra dat hulle elke stel woorde so rangskik dat dit vir hulle 'n aanvaarbare/moontlike sin in Xhosa vorm. Leerlinge wat instem om hierdie take te voltooi, sal dit in skooltyd, gedurende 'n Xhosa-periode, doen (die betrokke Xhosa-onderwyseres en skoolhoofde het reeds toestemming hiervoor gegee).

Let asseblief op die volgende:

1. Alle inligting oor leerlinge sal as streng vertroulik hanteer word.

2. Deelname aan die studie hou nie vir u enige onkoste in nie.
3. Indien u belangstel, kan ek met die voltooiing van my tesis, 'n elektroniese kopie daarvan vir u verskaf.
4. Selfs as 'n leerling toestemming verleen, mag hy/sy ter enige tyd besluit om deelname te staak, sonder dat enige redes verskaf hoef te word.

Indien u, as leerling, instem om deel te neem aan hierdie studie, en u, as ouer, toestemming verleen dat u kind mag deelneem aan hierdie studie, voltooi asseblief die aangehegte vorm en stuur dit so spoedig moontlik terug aan die Xhosa-onderwyseres.

As u meer inligting verlang of enige vrae oor die studie het, is u baie welkom om my of my studieleier (Dr Simone Conradie) te kontak. Ons beantwoord graag u vrae.

Ek sien uit daarna om van u te hoor. Ek vertrou dat inligting wat tydens hierdie studie ingewin word uiteindelik 'n positiewe bydrae sal lewer tot ons begrip van tweedetaalverwerwing en tweedetaalonderrig, spesifiek in ons veeltalige land.

Die uwe

---

Me Shona Lombard

## STUDIE OOR TWEETAALVERWERWING

Me Shona Lombard

(MA-student by Departement Algemene Taalwetenskap, Universiteit van Stellenbosch)

### TOESTEMMING - LEERLING

Hiermee stem ek, \_\_\_\_\_, in om deel te neem aan Me Shona Lombard se studie oor die tweedetaalverwerwing van Xhosa. Ek verstaan dat ek ter enige tyd my deelname aan die studie kan staak, sonder dat enige rede hiervoor verskaf hoef te word, en dat my deelname aan die studie anoniem is (d.w.s. dat my identiteit nooit bekend gemaak sal word in Me Lombard se tesis of in enige ander publikasies wat daaruit mag spruit nie).

\_\_\_\_\_  
**Handtekening**

\_\_\_\_\_  
**Datum**

### TOESTEMMING - OUER

Hiermee gee ek, \_\_\_\_\_, toestemming dat my

kind \_\_\_\_\_ mag deelneem aan Me Lombard se studie

oor die tweedetaalverwerwing van Xhosa.

\_\_\_\_\_  
**Handtekening**

\_\_\_\_\_  
**Datum**

### BYLAAG 3

**Nota:** Hierdie bylaag bevat 'n weergawe van die woordelys wat vooraf uitgedeel is aan al die graad 10-deelnemers. Dit bevat al die woorde en frases wat in die take gebruik is, sodat die deelnemers vooraf daarmee vertrouwd kon raak. Hulle kon ook tydens die afneem van die take die woordelys raadpleeg.

### WOORDELYS

(sien afdeling 3.3)

Hierdie lys word vir jou gerief verskaf sodat jy vooraf vertrouwd kan raak met die woordeskat wat in die take sal voorkom. **LW: Jy hoef *nie* die lys te memoriseer nie en jy gaan *nie* daarvoor getoets word nie.** Jy is ook welkom om die lys saam te bring en te gebruik gedurende die afneem van die take.

This list is provided beforehand for your convenience with the aim to familiarise you with the vocabulary to be used in the tasks. **NB: You do *not* have to memorise the list and you will *not* be tested on it.** You are also welcome to make use of the list during the completion of the tasks.

XHOSA	AFRIKAANS	ENGLISH
abafundi	leerders	learners
abantu	mense	people
abantwana	kinders	children
-bukela	kyk na	watch
-dlala	speel	play

<b>XHOSA</b>	<b>AFRIKAANS</b>	<b>ENGLISH</b>
ebhafrum	in die badkamer	in the bathroom
egaraji	by die garage	at the garage
EKapa	in die Kaap	in the Cape
ekhaya	by die huis	at home
ekhithshini	in die kombuis	in the kitchen
eklasini	in die klaskamer	in the classroom
emva kwemini	in die middag	in the afternoon
esikolweni	by die skool	at school
esi sonka	hierdie brood	this bread
ezi lekese	hierdie lekkers	these sweets
ezi ncwadi	hierdie boeke	these books
-funda	lees	read
-hlamba	was	wash
i-Egoli	Egoli	Egoli
ihoki	hokkie	hockey
iincwadi	boeke	books
iintlanzi ezininzi	baie vis	a lot of fish
iintombi	meisies	girls
inja	hond	dog
inkuku	hoender	chicken
inkwenkwe	seun	boy
ipapa	pap	porridge
ipetroli	petrol	petrol
iphephandaba	koerant	newspaper
le mifuno	hierdie groente	these vegetables



<b>XHOSA</b>	<b>AFRIKAANS</b>	<b>ENGLISH</b>
le sepha	hierdie seep	this soap
namhlanje	vandag	today
ngoMvulo	op Maandag	on Monday
-pheka	kook	cook
-sebenzisa	om te gebruik	to use
-tya	eet	eat
-thenga	koop	buy
uJohn	John	John
uLucy	Lucy	Lucy
umama	ma	mother
uMareli	Mareli	Mareli
utata	pa	father
utatomkhulu	oupa	grandfather
yonke imihla	elke dag	every day
zonke iimini	elke dag	every day
zonke iimpelaveki	elke naweek	every weekend
zonke iintlazane	elke pouse	every break

## BYLAAG 4

**Nota:** Hierdie bylaag bevat die Afrikaanse weergawe van die sinsboutaak waarna verwys word in hierdie tesis. Let daarop dat die Afrikaanse vertalings van Xhosa woorde en sinne sowel as die afdelings, “woorde in koevert” en “moontlike sinne”, slegs vir die vereistes van die tesis ingevoeg is en nie deel uitgemaak het van die take wat die deelnemers voltooi het nie.

### SINSBOUTAAK

(Taak 1 – sien afdeling 3.3.1)

#### Instruksies

Vir hierdie taak moet jy sinne bou met Xhosa woorde wat ons aan jou verskaf. Die taak bestaan uit ses bladsye. Op elke bladsy is een woord getik, gevolg deur stippellyne. Daar is ook ‘n bruin koevert wat kaartjies bevat met nog woorde daarop. Haal al die kaartjies uit die koevert (die aantal kaartjies wat in elke koevert is, is aangedui op die koevert self). Rangskik nou al die kaartjies sodat dit ‘n sin bou wat vir jou ‘n moontlike sin in Xhosa is en wat begin met die getikte woord. Skryf die woorde neer op die stippellyn in die volgorde waarin jy hulle gerangskik het.

Kyk nou of jy nog ‘n sin kan bou met dieselfde kaartjies (weer eens ‘n sin wat met die getikte woord begin en wat vir jou ‘n moontlike sin in Xhosa is). Indien jy wel nog ‘n sin kan bou met al die woorde, skryf die nuwe rangskikking van woorde neer op die tweede reël, soos wat dit volg op die getikte woord.

Onthou dat ons belang stel in jou persoonlike gevoel oor sinne – skryf dus slegs die sinne neer wat vir jou voel soos moontlike sinne in Xhosa. Soms sal jy miskien voel dat daar slegs een moontlike sin is wat jy met die woorde kan bou en soms sal jy

miskien voel dat daar twee of meer verskillende moontlike sinne is wat jy met die woorde kan bou.

### **Bladsy 1**

#### **A.**

1. *Ekhitshini* .....  
in die kombuis  
.....
2. *Ekhitshini*.....  
.....
3. *Ekhitshini* .....  
.....
4. *Ekhitshini*.....  
.....

#### **Woorde in koevert:**

<i>upheka</i>	<i>umama</i>	<i>ipapa</i>
sy.kook	Ma	(die) pap

#### **Moontlike sinne:**

*Ekhitshini umama upheka ipapa.*

*Ekhitshini upheka ipapa umama.*

**Bladsy 2****B.**

1. *Ezi ncwadi*.....  
hierdie boeke  
.....
2. *Ezi ncwadi*.....  
.....
3. *Ezi ncwadi*.....  
.....
4. *Ezi ncwadi*.....  
.....

**Woorde in koevert:**

*eklasini      bayazifunda      abantwana*  
in die klas      hulle.dit.lees      (die) kinders

**Moontlike sinne:**

*Ezi ncwadi abantwana bayazifunda eklasini.*  
*Ezi ncwadi bayazifunda abantwana.*

**Bladsy 3**

C.

1. *Zonke iimini*.....  
 elke dag

.....

2. *Zonke iimini*.....

.....

3. *Zonke iimini*.....

.....

4. *Zonke iimini*.....

.....

**Woorde in koevert:**

*ubukela*                      *i-Egoli*                      *umama*

sy.kyk daarna              Egoli                      Ma

**Moontlike sinne:**

*Zonke iimini umama ubukela i-Egoli.*

*Zonke iimini ubukela i-Egoli umama.*

**Bladsy 4****D.**

1. *NgoMvulo*.....

(op) Maandag

.....

2. *NgoMvulo*.....

.....

3. *NgoMvulo*.....

.....

4. *NgoMvulo*.....

.....

**Woorde in koevert:**

<i>inkuku</i>	<i>batya</i>	<i>abantwana</i>
hoender	hulle.eet	(die) kinders

**Moontlike sinne:**

*NgoMvulo abantwana batya inkuku.*

*NgoMvulo batya inkuku abantwana.*

**Bladsy 5****E.****1. *Le mifuno*.....**

hierdie groente

.....

**2. *Le mifuno*.....**

.....

**3. *Le mifuno*.....**

.....

**4. *Le mifuno*.....**

.....

**Woorde in koevert:**

<i>uyayipheka</i>	<i>umama</i>	<i>ekhitshini</i>
sy.dit.kook	Ma	in die kombuis

**Moontlike sinne:***Le mifuno umama uyayipheka ekhitshini.**Le mifuno uyayipheka umama ekhitshini.*

**Bladsy 6****F.**

1. *EKapa*.....  
in die Kaap  
.....
2. *EKapa*.....  
.....
3. *EKapa*.....  
.....
4. *EKapa*.....  
.....

**Woorde in koevert:**

<i>iintlanzi ezininzi</i>	<i>batya</i>	<i>abantu</i>
baie vis	hulle.eet	(die) mense

**Moontlike sinne:**

*EKapa abantu batya iintlanzi ezininzi.*  
*EKapa batya iintlanzi ezininzi abantu.*



## BYLAAG 5

**Nota:** Hierdie bylaag bevat die Afrikaanse weergawe van die grammatikaliteitsoordeletaak waarna verwys word in die tesis. Let daarop dat die Afrikaanse vertalings van Xhosa woorde en sinne, sowel as aanduidings van (on)grammatikaliteit slegs vir die vereistes van die tesis ingevoeg is en natuurlik nie deel uitgemaak het van die take wat die deelnemers voltooi het nie.

### GRAMMATIKALITEITSOORDELETAAK

(Taak 2 – sien afdeling 3.3.2)

#### *Instruksies*

Hieronder sal jy 12 stelling sinne aantref. Elke stel moet op sy eie, apart van die ander, bestudeer word. Ons stel belang in jou eerste indruk (“gut feeling”) van elke sin. Besluit by elke sin of jy dit as ‘n moontlike sin van Xhosa beskou, d.w.s. of jy dit sou gebruik. Indien jy voel die sin is moontlik in Xhosa (m.a.w. jy sal dit so gebruik), maak asseblief ‘n kruisie onder JA in die kolom langs die betrokke sin. Indien jy voel die sin is nie moontlik in Xhosa nie (m.a.w. jy sal dit nie so gebruik nie), maak asseblief ‘n kruisie onder NEE in die kolom langs die betrokke sin.

Onthou om elke sin op sy eie aandagtig deur te lees voordat jy met ‘n JA of ‘n NEE antwoord. Moenie jou antwoord verander sodra jy jou keuse gemaak het nie – onthou dat ons belangstel in jou eerste indruk van die sin.

#### *Voorbeeld*

<b>i)</b>	<b>a)</b>	<i>UJohn</i>	<i>uthenga</i>	<i>esi</i>	<i>sonka.</i>	<b>JA</b> / <b>NEE</b>	
						..x.... / .....	
		John	hy.koop	hierdie brood			
		“John koop hierdie brood.”					

- b) \*UJohn esi uthenga sonka. .... / ..X....  
(Slegs sin a is moontlik )
- ii) a) Umama upheka le mifuno ekhitshini . ..X.... / .....  
Ma sy.kook hierdie groente in die kombuis  
“Ma kook hierdie groente in die kombuis.”
- b) \*Umama le upheka ekhitshini mifuno. .... / ..X....
- c) Umama upheka imifuno ekhitshini. ..X.... / .....  
(Slegs sinne a en c is moontlik)

**Stelle sinne: Toetsitems****JA / NEE**

- 1) a) Esikolweni abafundi bafunda iincwadi. .... / .....  
by die skool (die) leerders hulle lees (die) boeke  
„By die skool lees die leerders boeke.“
- b) \*Esikolweni bafunda abafundi iincwadi. .... / .....
- c) Esikolweni bafunda iincwadi abafundi. .... / .....
- 2) a) Abantwana bahlamba inja ebhafrum. .... / .....  
(die) kinders hulle was (die) hond in die badkamer  
“Die kinders was die hond in die badkamer.”
- b) Abantwana noJohn bahlamba inja ebhafrum. .... / .....

**JA / NEE**

- 3) a) *Esi sonka uJohn uyasitya.* ...../.....  
 hierdie brood John hy.dit.eet  
 “Hierdie brood eet John.”
- b) *Esi sonka uyasitya uJohn.* ...../.....
- 4) a) *\*Namhlanje zidlala iintombi ihoki.* ...../.....  
 vandag hulle.speel (die)meisies hokkie  
 “Vandag speel die meisies hokkie.”
- b) *Namhlanje iintombi zidlala ihoki.* ...../.....
- c) *Namhlanje zidlala ihoki iintombi.* ...../.....
- 5) a) *Le sepha uyayisebenzisa uMareli ebhafrum.* ...../.....  
 hierdie seep sy.dit.gebruik Mareli in die badkamer  
 “Hierdie seep gebruik Mareli in die badkamer.”
- b) *Le sepha uMareli uyayisebenzisa ebhafrum.* ...../.....
- 6) a) *Inkwenkwe ithenga iilekese egaraji.* ...../.....  
 (die) seuntjie hy.koop (die)lekkers by die garage  
 “Die seuntjie koop die lekkers by die garage.”
- b) *Inkwenkwe ithenga iilekese.* ...../.....

**JA / NEE**

- 7) a) *Egaraji uthenga ipetroli utata.* ...../.....  
 by die garage hy.koop (die)petrol Pa  
 “By die garage koop Pa petrol.”
- b) *\*Egaraji uthenga utata ipetroli.* ...../.....
- c) *Egaraji utata uthenga ipetroli.* ...../.....
- 8) a) *Zonke iimpelaveki inkwenkwe ihlamba inja.* ...../.....  
 elke naweek (die) seuntjie hy.was (die) hond  
 “Elke naweek was die seuntjie die hond.”
- b) *Zonke iimpelaveki ihlamba inja inkwenkwe.* ...../.....
- c) *\*Zonke iimpelaveki ihlamba inkwenkwe inja.* ...../.....
- 9) a) *UJohn ufunda iincwadi zonke iimini.* ...../.....  
 John hy.lees (die)boeke elke dag  
 “John lees elke dag boeke.”
- b) *UJohn noTshotsho bafunda iincwadi.* ...../.....
- 10) a) *Emva kwemini ufunda iphephandaba utatomkhulu.* ...../.....  
 in die middag hy.lees (die) koerant Oupa  
 “In die middag lees Oupa die koerant.”
- b) *\*Emva kwemini ufunda utatomkhulu iphephandaba.* ...../.....
- c) *Emva kwemini utatomkhulu ufunda iphephandaba.* ...../.....

**JA / NEE**

- 11) a) *Ezi lekese abantwana bayazitya zonke iintlazane.* ...../.....  
 hierdie lekkers (die) kinders hulle.dit.eet elke pouse.  
 “Hierdie lekkers eet die kinders elke pouse.”
- b) *Ezi lekese bayazitya abantwana zonke iintlazane.* ...../.....
- 12) a) *Ekhaya udlala uLucy nenja.* ...../.....  
 by die huis sy.speel Lucy en.(die) hond  
 “By die huis speel Lucy en die hond.”
- b) *Ekhaya uLucy udlala nenja.* ...../.....
- c) *Ekhaya udlala nenja uLucy.* ...../.....